


'n Eksemplariese studie van die agogiese nood
in agtergeblewe stedelike gebiede.

deur

CLIVE ABELS (BA, B.Ed)



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad **MAGISTER EDUCATIONIS** aan die
Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier : Dr. W.S. du Plessis

DECEMBER 1997

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening:

Datum:

OPSOMMING

'n Studie is onderneem om ondersoek in te stel na die agterblewe stedelike gebiede en die moontlike verligting van die probleem.

Om die probleem te ondersoek, is 'n wye spektrum van literatuur nagevors wat bestaan uit opvoedkundige werke, tydskrifartikels, pamflette en literatuur met betrekking tot Gemeenskapskolleges.

Onderhoude is gevoer met maatskaplike werkers, voorsitters van verskillende organisasies, voorligtingsonderwysers, predikante, 'n Imam, gemeenskapsleiers en 'n leier van 'n bende.

'n Empiriese studie van Elsiesrivier se gemeenskap is gemaak om vas te stel wat die probleme en die tekortkominge daar is. Die verskeidenheid probleme wat in die gemeenskap ervaar word, blyk die simptome van dieperliggende probleme te wees. Ook word daar verwys na verskillende organisasies wat aktief besig in die omgewing is om van die probleme die hoof te bied. Ook word daar aandag geskenk aan lewenslange onderwys, voortgesette onderwys, nie-formele onderwys asook afstandsonderrig.

Daar is ook rekening gehou met die feit dat die mens oor bepaalde hunkeringe beskik wat deur middel van opvoedkundige begeleiding aangespreek behoort te word en net so moet die opvoedkundige in enige opvoedkundige program rekening hou met bepaalde realiteite van menswees. Indien hierdie hunkeringe die realiteite van menswees nie in ag geneem word nie, kan dit vir 'n land met sy mense hul ondergang beteken.

Ten slotte word daar spesifiek gekyk na Gemeenskapskolleges. Ook word daar gekyk na resente onderwysverslae en die voorstelle wat gemaak is ten opsigte van hierdie instelling. Daar word ook spesifiek gekyk na die moontlikhede vir die bestaan van so 'n Gemeenskapskollege in Elsiesrivier. Dit blyk dus dat die Gemeenskapskollege 'n aansienlike bydrae kan lewer tot die verligting van die agogiese nood.

SUMMARY

A study was undertaken to investigate the agogic need in deprived urban areas and the possible alleviation of the problem.

To investigate the problem, a wide range of literature was consulted that consisted of educational projects, magazine articles, pamphlets and literature pertaining to community colleges.

Interviews were conducted with different social workers, chairmen of different organisations, guidance teachers, clergy of different religions, community leaders and even a gang-leader.

An empirical study of Elsie's River community was conducted to determine the problems and shortcomings. The variety of problems experienced in the community, appears to be the symptoms of a more profound nature. Different organisations in the area that are actively busy in the combatting of problems are also used as references. Attention is also given to life-long education, continuous education, informal education and distance education.

Also noted is the fact that humans possess a certain yearning that should be addressed by educational accompaniment. This yearning must be acknowledged by the educationist in any educational programme and must be considered against the background of the realities of being human. If these yearnings are not considered, as well as the realities of being human, it can have dire consequences for a country and its people.

In conclusion, more specific attention is paid to community colleges. Also noted will be recent educational reports and the proposals made in this regard. Specific attention was paid to the viability of the possibilities to establish a community college in Elsie's River. It seems as if a community college can render a considerable contribution to the alleviation of the agogic need.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy no.

OPSOMMING

SUMMARY

HOOFSUK 1: Oriëntering, Probleemstelling, Doel en Begripsverheldering

1.1	Inleiding	1
1.2	Aktualiteit en doel van ondersoek	2
1.3	Probleemstelling	3
1.4	Navorsingsmetodes	3
1.4.1	Literatuurstudie	4
1.4.2	Onderhoude	4
1.4.3	Empiriese gegewens	5
1.4.4	Plaaslike studie van Elsiesrivier	5
1.4.5	Hermeneutiese metode	5
1.5	Begripsonderskeiding	6
1.5.1	Opvoeding	6
1.5.2	Agogiese begeleiding	7
1.5.3	Pedagogiek	7
1.5.4	Agein	8
1.5.5	Andragogiek	8
1.5.6	Agogiese Nood	8

1.5.7	Komtemporêre Nood	9
1.5.8	Basiese Volwasse Onderwys (ABE)	10
1.5.9	Geletterdheid	11
1.5.10	Funksionele Geletterdheid en “Organic Literacy”	12
1.5.11	Volwassenheid	13
1.5.12	Voortdurende Onderwys	13
1.5.13	Leerkultuur	14
1.5.14	Lewenslange Onderwys	15
1.5.15	Gemeenskapskollege	15
1.6	Verdere verloop van die studie	16

HOOFSTUK 2: Algemene Agogiese Nood en Agogiese Bystand as ‘n besondere verskynsel

2.1	Inleiding	17
2.1.1	Wat is Nood?	18
2.1.1.1	Fisiologiese behoeftes	19
2.1.1.2	Veiligheidsbehoefes	19
2.1.1.3	Behoeftes aan Liefde en aanvaarding	19
2.1.1.4	Groeibehoeftes	20
2.1.2	Algemene Agogiese Nood	21
2.1.2.1	Die Agogiese struktuur	23
2.2	Die menslike hunkering	25
2.3	Die Agogiese bystand as ‘n besondere verskynsel	26

2.3.1	Onderwys	28
2.3.2	Enkele instellings van Opvoeding en Onderwys	
2.3.2.1	Die Gesin	29
2.3.2.2	Die Skool	30
2.3.2.3	Samevatting	30

HOOFSTUK 3: Empiriese verkenning van die agogiese nood in Elsiesrivier

3.1	Inleiding	32
3.2	Ligging	32
3.3	Die Geskiedenis van die gebied	35
3.4	Gemeenskapsprofiel	36
3.5	Gemeenskapsentra	36
3.6	Godsdiens	37
3.7	Skole	38
3.8	Probleme in Elsiesrivier	39
3.8.1	Behuising	40
3.8.2	Enkelouers en ouerlose gesinne	41
3.8.3	Werkloosheid	42
3.8.4	Bendebedrywigheide	43
3.8.5	Drankmisbruik	46
3.8.6	Geletterdheidsvlak	48
3.8.7	Armoede	50
3.8.8	Onderwysgebreke	51

3.9	Dienste wat gelewer word deur verskillende agentskappe in die omgewing.	52
3.9.1	Diakonale Dienste	52
3.9.2	Suid-Afrikaanse Polisie Dienste (SAPD)	53
3.9.3	Kaapse Professionele Onderwysliggaam	53
3.9.4	Sosiale Welsyn (Suid-Afrikaanse Weermag: Mediese Dienste)	53
3.9.5	Katolieke Welsynontwikkeling	54
3.9.6	Parow Opvoedkundige Hulpsentrum	54
3.9.7	Elrabis	54
3.9.8	Kuns en Kultuurforum	55
3.9.9	NIKRO	55
3.10	Toekomstige moontlikhede	55
3.11	Samevatting	56

HOOFSTUK 4: 'n Hermeneutiese besinning oor die Onderzoek

4.1	Inleiding	57
4.2	Algemeen	60
4.3	Definisie van die term hunkering	61
4.3.1	Die hunkering na menslike behandeling	62
4.3.2	Bereidheid tot beluistering	63
4.3.3	Eerbiediging van menswaardigheid	64
4.3.4	Bewaring van die intimiteit	65
4.3.5	Vryheid en simpatieke gesagsleiding	66
4.3.6	Om as wordende mens aanvaar te word	67
4.3.7	Die betekenisvolheid van die mens se bestaan	67
4.3.8	Die soeke an geborgenheid	68
4.3.9	Selfverwesenliking	69

4.3.10	Die hunkering om aanvaar te word (aanvaarding)	69
4.3.11	Liefde as antwoord op hunkering	70
4.4	Samevatting	71
HOOFSTUK 5: Riglyne vir die moontlike verligting van die Agogiese nood met spesifieke verwysing na Gemeenskapskolleges		
5.1	Inleiding	73
5.2	Moontlike voorstelle tot die verligting van Opvoedkundige nood.	75
5.3	Voorstelle tot die verligting van opvoedkundige deprivasie	77
5.3.1	Lewenslange onderwys en voortgesette onderwys	77
5.3.2	Nie-formele onderwys	79
5.3.3	Afstandsonderrig	80
5.4	Gemeenskapskolleges	81
5.4.1	Die Gemeenskapskollege	81
5.4.1.1	Wat is die funksies van die Gemeenskapskollege	81
5.4.1.2	Die Karakteristieke aard	83
5.4.1.3	Die Gemeenskapskollege student	85
5.4.1.4	Samevatting	85
5.5	Die betekenis van Gemeenskapskolleges vir Suid-Afrika	86
5.5.1	Inleiding	86
5.5.2	Die Witskrif oor Onderwys en Opleiding	87
5.5.3	Die betekenis van Gemeenskapskolleges vir Suid-Afrika	88
5.5.4	Die NEPI-verslag oor Post-Sekondêre Onderwys	89
5.5.5	Die doelstellings van die Gemeenskapskollege	90

5.5.6	Die moontlike bydrae van gemeenskapskolleges tot die Herkonstruksie en Ontwikkelingsprogram (HOP)	91
5.5.7	Die kurrikulum en die gemeenskapskollege	93
5.6	Die moontlikheid van 'n gemeenskapskollege in Elsiesrivier	94
5.7	Samevatting	98
6.	BRONNELYS	
6.1	Literatuur	99
6.2	Onderhoude en Toesprake	105

BEDANKING

Hiermee wil ek graag my opregte dank en waardering aan die volgende persone betuig:

- Eerstens gee ek lof aan ons Hemelse Vader vir die krag en moed wat Hy my gegee het om hierdie taak te voltooi.
- My eggenote, Leanor en dogter, Megan, wat saam met my vele opofferings moes deurmaak. Dankie vir julle oneindige geduld en verdraagsaamheid.
- 'n Spesiale woord van dank en waardering aan Norma wat al die tikwek behartig het.
- Laasten en nie die minste nie my opregte dank aan my studieleier, Dr. W.S. du Plessis vir die aanvanklike leiding en aanmoediging.

CLIVE ABELS

NOVEMBER 1997

HOOFSTUK 1

Inleidende Oriëntering, Probleemstelling, Doel en Begripsverheldering

1.1 Inleiding

Die mens is eintlik 'n unieke wese aangesien hy van sy geboortedag tot sy sterwensdag in 'n verhouding met voorwerpe en mense rondom hom verkeer. Tog is hy egter ook gedurig besig om hom met bepaalde aspekte van die werklikheid te bemoei. As gevolg hiervan weerspieël sy handeling, van watter aard en omvang ook al, die werklikheid om hom en sy aanpassing ten opsigte van mens en werklikheid. Vedder (The Teacher, 1997) sien die totale menslike bestaan as "... altyd as een in-contact-zijn met iets. Het leven speelt zich in contacten af, contacten met medemens, maar ook met levenloze voorwerpen of met een wereld van gedachten".

Indien daar gekyk word na die mens en sy verhoudinge, kom onmiddellik ook die realiteite van menswees ter sprake. die aspek van menswaardigheid en ook die menslike hunkering, dit wil sê daardie dinge wat vir hom sin aan sy bestaan as mens gee. Daardeer word die vraagstuk van menswees en die opvoeding tot volkome menswees aangespreek.

1.2 Aktua'iteit en doel van ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek is om die sosiale en opvoedkundige milieu te identifiseer en te daarvoor gevind word om sodoende die lewenswaardige sodoende die lewenstandaard. Die grootste leemtes is die probleem van langdurige onderwysstelsel. Dit skep 'n geweldige behoefte om sy belangstelling en verskeie ander sosiale en maatskaplike probleme soos drankmisbruik en talle ander

Indien die verskillende tersaaklike probleme ernstig aangespreek word en daarvoor uit te roei nie, sal dit katastrofiese menswaardige lewensvervulling van die

Mense word dus gestrem deur die algemene konsensus dat geletterdheid die die konsensus eindig en die en vir watter doel?

om is dit natuurlik dat daar altyd 'n
volmaak maak. Hierdie hunkering is
vloede en probleme gedwarsboom.
llende gemeenskappe. 'n Moontlike
e dive siteite is wat die probleme

waar lkeen die geleentheid moet
n moe hierdie probleme wat die
angesp eek en uit die weg geruim

opsigt : van die Filosofie en die
litera uurstudie van relevante
ebied Elsie rivier, persoonlike
ese studie van Elsie rivier. Die
erk ter einde 'n begripmatige
lotte toepaslike aanbevelings

1.4.1 Literatuurstudie

Dit is van absolute belang om toepaslike literatuur oor die bepaalde onderwerp op te spoor om sodoende inligting met betrekking tot die onderwerp te verkry.

Om die geskikte literatuur te verkry, is dit lonend om wyd te lees oor die betrokke onderwerp. Enige artikel, boek, verhandeling of ander bron wat oor die onderwerp gelees word en wat moontlik in die literatuuoroorsig gebruik kan word, sal so ver deeglik verreken word met spesiale aandag aan die belangrikste gevolgtrekkings en implikasies. Ook gee 'n literatuurstudie aan die student insig in bestaande meetinstrumente, onderwerpe, benaderingswyses en metodes. Voorkeur sal natuurlik gegee word aan vakwetenskaplike literatuur soos in vakwetenskaplike joernale en navorsingsverslae gepubliseer is.

1.4.2 Onderhoude

Wanneer daar onderhoude met mense gevoer gaan word, gaan dit sover moontlik by hul werkplek of tuis gedoen word. In die geval van meningsopnames sal hulle by openbare plekke voorgekeer word waar daar 'n toeloop van mense is, by inkopiesentrums, poskantore ens. In sekere gevalle sal daar ook telefoonskakelinge wees.

L.W Alleen die mees toepaslike onderhoude word egter in die studie gedokumenteer.

Dit geld veral vir onderhoude wat met persone gevoer is wat kundig is met betrekking tot een of meer van die aangeleenthede wat ondersoek word

1.4.3 Empiriese gegewens

Empiriese kennis en gegewens is kennis wat gegrond is op die ervaring. Daarom sal die empiriese gegewens verkry word van skole, jeugorganisasies, politieke organisasies, verskillende geloofinstansies bv. Kerke, Moskees, Rastafariërs, asook munisipaliteite.

1.4.4 'n Plaaslike studie van Elsiesrivier

'n Plaaslike studie van Elsiesrivier sal onderneem word om presies vas te stel wat die opvoedkundige en verbandhoudende sosio-ekonomiese probleme, tekortkominge en behoeftes is. Sodoende sal die gegewens gebruik word om moontlike oplossings te vind. Die verwagtinge van die gemeenskap en terselfdertyd die eise wat deur die omgewing gestel word, sal in berekening gebring word. Wysies om dit suksesvol te hanteer, ten einde 'n harmonieuse verhouding tussen die individu en die omgewing te bewerkstellig, sal oorweeg word. Al hierdie aspekte sal dus lei tot voorstelle ter verbetering van die lewensgehalte binne die gemeenskap plaaslik en op nasionale vlak.

1.4.5 Hermeneutiese metode

Daar sal sover moontlik by die metode gehou word aangesien dit eintlik as 'n filosofiese benadering tot die studie noodsaaklik is. By hierdie metode stel dit die navorser in staat om denkend oor die hele saak te werke te gaan. Die empiriese gegewens gaan dus langs hierdie weg stap vir stap verstaanbaar gemaak word.

1.5 Begripsonderskeiding:

Spesifieke begrippe word herhaaldelik in hierdie navorsingstuk gebruik. Omdat daar in die gewone omgangstaal baie keer verskillende betekenis daaraan geheg word, word enkele kernbegrippe kortliks hier omskryf. Hierdie begripsomskrywing van terme (begrippe) om verwarring uit te skakel, is volgens Van Rensburg, et al. (1977: 2 (Inleiding)) van absolute belang.

1.5.1 Opvoeding

Dit het te doen met die ontwikkeling van die hele mens. In eenvoudige taal gestel, word met opvoeding bedoel dat iets tussen, maar ook met persone gebeur. Dit is volgens Gunter (1961:8) “‘n bewuste, doelbewuste, planmatige, opsetlike, verantwoordelike en verantwoordbare bemoeienis met, bearbeiding van en hulpverlening en leiding aan 'n hulpbehoewende en hulpverlangende kind of jeugdige deur 'n volwasse en is gerig op die wysiging van die eersgenoemde se natuurlike groei sodat sy bestaan 'n behoorlike loop sal neem, sodat hy deur en as gevolg van sy opvoeding anders en wel beter sal wees as wat hy daarsonder sou gewees het, sodat hy geleidelik sal ontwikkel tot 'n bepaalde soort mens wat sal beantwoord aan die eise wat deur die behoorlike gestel word”.

Die volgende definisie van opvoeding deur Brezinka sluit by Gunter soos aangehaal deur Du Plessis (1996:78) se definisie aan en beklemtoon verder bepaalde aspekte wat in die opvoeding van belang is:

"Opvoeding word dan verstaan as 'n aktiwiteit wat strewe na die permanente verbetering van die strukture van die individu se psigiese gesteldhede in een of meer opsigte, of daardie bestanddele van sy waardesisteem; of wat strewe na die voorkoming van die vorming van skadelike gesindhede of houdings by die individu. Op hierdie manier probeer die opvoedkundige begeleier om die persoonlikheid van die ander persoon of persone (die begeleides) te verbeter. Die ontwikkeling van kennis, vaardighede of bevoegdhede, sowel as die bou van goeie karakter, is almal aanvaarbare doelstellings van opvoeding".

1.5.2 Agogiese begeleiding

Die term kom van die Griekse woord *agogos* wat begeleier beteken. Agogiese is die byvoeglike naamwoord van agogiek. Agogiek op sy beurt is die wetenskap van die agogiese en reflekteer die onderskeie wetenskappe wat oor die ageinsbelewing handel. Volgens Oberholzer (1977:25) dui die agogiese op die "medesyngemoedigheid, wedersydse aangewesenheid en wedersydse afhanklikheid, dit verklank ko-eksistensie as onsheid, as noodhebbendheid aan mekaar". Daar kan drie vlakke van die agogiek onderskei word, naamlik die pedagogiek wat beteken die studie van begeleidingshulp aan die nie-volwassene; die andragogiek, die studie van begeleidingshulp aan die volwassene, en die gerontagogiek, die studie van begeleidingshulp aan bejaardes.

1.5.3 Pedagogiek

Dit is van die Griekse woord *paids* afgelei wat kind beteken, terwyl *agogos* begeleier beteken. Pedagogiek is dus die studie van die opvoeding (begeleiding) van die kind.

1.5.4 Agein

Dit beteken om te lei, saamgaan, ook begeleiding. Dit kom voor in die pedagogiek (*pais* = kind en *agogos* = begeleier), andragogiek (*aner* = man/volwassene en *agogos*) en gerontagogiek (*geroon* = grysaard en *agogos*). Dit gaan dus om die saamwees en saamgaan van die opvoeder en die opvoedeling in die opvoedingsituasie (Van Rensburg & Landman, 1988: 257).

1.5.5 Andragogiek

Andragogiek is ook van die Grieks afgelei, waar die woord *aner*, volwassene beteken en *agogos*, begeleier. Andragogiek is dus die studie van die begeleiding van die volwassene (Van Rensburg, 1979: 9).

Die andragogiek dui op die agogiese op volwassenheidsvlak, wat egter beteken, die saamgaan van die een volwassene met die ander of die begeleiding van die volwassene. Die Griekse woord *aner* beteken volwasse man, terwyl die woord *geroon* gryse beteken. Die gerontagogiese beteken die saamgaan met grysaards, of anders gestel, die begeleiding van bejaarde persone.

1.5.6 Agogiese Nood

Soos reeds genoem, verwys agogiese na die medesynsgemoedheid wat as een van die grondvorme van mens-wees gesien word. Mense is betrokke by die menswording. Mense leef in afhanklikheid van mekaar. Hierdie afhanklike saamwees kan egter in twee hoofkwartiere gedeel word nl. biologies en sedelik. Die mens wat iemand is, moet die

mens word wat hy behoort te wees. "Ander mense" het dus 'n groot plek en aandeel in die lewe van die mens.

1.5.7 Kontemporêre Nood

Kontemporêre agogiese nood verwys na 'n nood uit die tyd waarin ons lewe. As gevolg van ons verlede, die verskillende persepsies van daardie verlede, die pyn, frustrasies en kwaad wat eintlik ontstaan het as gevolg daarvan, die verwaarlosing en diskriminasie in die welsyn van die opvoeding van die meerderheid van ons mense. probeer in hierdie studie vasgestel word wat die nood is met betrekking tot die onderwys, spesifiek gemik op volwassenes in ons land en veral in die agtergeblewe gemeenskappe.

In 'n demokratiese samelewing benodig mense toegang tot informasie waarop hul keuse gebaseer is, en die vertroue om deel te neem in 'n besluitmakende struktuur. Dit vereis eintlik 'n baie nuwe verhouding tussen demokrasie en geletterdheid. Dit is dus nie 'n maklike proses om 'n gemeenskap te demokratiseer as groot dele van so 'n gemeenskap nog ongeletterd is nie. In die opvoedingsarena sal 'n post-apartheidsregering dus in die gesig gestaar word deur die behoefte aan 'n ontwikkelings-opvoedkundige beleid wat die behoeftes van 'n gesonde ekonomiese groei en ontwikkeling, en sodoende maksimale deelname, kan fasiliteer in politieke besluitneming, sowel as om die besondere onderwys behoeftes of -nood van alle mense in Suid-Afrika aan te spreek.

1.5.8 Basiese Volwasse Onderwys (ABE)

Volgens die NEPI-verslag (NECC, 1993) is ongeveer ses miljoen volwassenes in Suid-Afrika ongeletterd en sowat twee miljoen jeugdiges nie in besit van voldoende basiese skoling om sodoende voordeel te trek uit werkvoorsigte wat opleiding benodig nie. Die nadelige gevolge van ongeskoolde volwassenheid word gevoel in alle sektore van die ekonomie en word vergestalt in lae produktiwiteit, die kwaliteit van lae-inkomste huishouding en gemeenskappe, asook politieke en sosiale onstabiliteit. In Suid-Afrika het die besorgdheid met betrekking tot volwasse onderwys 'n totale nuwe wending aangeneem as gevolg van nuwe voorsigte wat 'n werklike moontlikheid geword het. Geletterdheid is egter 'n belangrike komponent in ontwikkeling en transformasie. Daar bestaan verskillende definisies in hierdie verband. Teenswoordige voorsiening van Basiese Volwasse Onderwys, spreek die probleem bloot oppervlakkig aan. Staatsbefondsing is egter nie genoeg nie. Private en nie-regeringsprogramme is te veel gefragmenteer en beperk.

Die term "Adult Education" was vir die eerste keer in Thomas Pole se *History and Origins and Progress of Adult Schools*, gebruik (Jarvis, 1990: 6).

Jarvis (1990: 5) onderskei drie hoofkomponente in volwasse onderwys, naamlik taalvaardighede soos lees, skryf en welgesprekenheid, numeriese vaardighede en sosiale vaardighede.

1.5.9 Geletterdheid

Die definisie van UNESCO (United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation) is veelseggend en gesaghebbend:

"A person is literate who can with understanding both read and write a short simple statement on his everyday life" (UNESCO, 1982).

Nogtans vertel dit ons nie baie van wat 'n geletterde persoon regtig kan doen met haar of sy geletterde vaardighede nie. 'n Meer onlangse definisie van UNESCO vra dat geletterdheid eerder meer gedefinieer moet word in terme van sy gebruike en doelwitte:

"A person is literate when he acquired the essential knowledge and skills which enable him to engage in all activities in which literacy is required for effective functioning in his group and community and whose attainments in reading, writing and arithmetic make it possible for him to continue to use these skills towards his own and his community's development" (UNESCO, 1993).

Hierdie definisie probeer geletterdheid in ooreenstemming met sy konteks te bring. Die Internasionale Simposium vir Geletterdheid, wat gehou is in Persepolis in 1975, het eenparig besluit dat geletterdheid is:

.... not just the process of learning the skills of reading, writing and arithmetic, but a contribution to the liberation of man and to his full development. Thus conceived, literacy creates the conditions for the acquisition of society in which man lives and of its aims; it also stimulates initiative and his participation in the creation of projects capable of acting upon the world, of transforming it, and

of defining the aims of an authentic human development. It should open the way to a mastery of techniques and human relations. Literacy is not an end itself. It is a fundamental human right" (UNESCO, 1981: 273).

Die term "geletterdheid" verwys dus meer na die Basiese Volwasse Onderwys, as wat dit verwys na strenggesproke tegniese vaardighede van lees en skryf. Geletterdheid is dus fundamenteel 'n sosiale aktiwiteit, of 'n primêre deelname van 'n individu aan 'n stel van sosiale georganiseerde praktyke. Dit is 'n "complex amalgam of psychological, linguistic and social processes".

Fage en Thomas (1977: 207) tref ook onderskeid tussen "functional literacy" en "organic literacy".

1.5.10 Funksionele Geletterdheid en "Organic Literacy"

Funksionele geletterdheid verwys na 'n persoon wat kan lees, en belangrik, verstaan wat hy lees. Hy moet ook funksioneel sinne kan maak en taal en puntuasie gebruik. Dit kom egter neer op die feit dat die persoon moet kan verstaan en interpreteer wat rondom hom of haar gebeur. "Organic Literacy" beteken hy moet kan verstaan wat hy lees, met ander woorde hy moet die inhoud daarvan begryp.

1.5.11 Volwassenheid

Daar is dikwels tussen vroeë en middelvolwassenheid onderskei, waar vroeë volwassenheid verwys na die ongeveer twintiger- tot veertigerjarige leeftyd en middelvolwassenheid na die tydperk van veertig tot sesug jaar. Volwassenheid impliseer dat 'n persoon nie alleen op eise en regte aanspraak kan maak nie, maar ook dat hy pligte en verantwoordelikhede het wat nagekom moet word met volle besef van die gevolge daarvan.

Volwassenheid gaan dus gepaard met die vermoë om meer objektief na sake te kyk. Die vermoë om die verskillende perspektiewe op 'n vraag te verskaf; en die vermoë om verder as teenstrydige perspektiewe te beweeg ten einde 'n sintese te vind wat hierdie perspektiewe integreer. (Louw, 1993).

1.10.1 Voortdurende Onderwys

Elke volwassene ervaar teenswoordig herhaaldelik dat sy beroepsvoorbereiding, beroepsopleiding en lewensopvatting wat hy in sy jeug verwerf het, nie meer voldoende is nie. Omdat voortdurende onderwys op die volle lewensduur van toepassing is, het dit betrekking op formele onderwys; nie-formele onderwys asook op informele onderwys. Volgens Cawood (1993) sluit voortgesette onderwys die volgende in:

- om volwassenes in staat te stel om tot hul lewenseinde voortdurend te ontwikkel.
- om volwassenes te help om hul potensiaal ten volle te ontsluit en hul moontlikhede meer sinvol te laat ontplooi.
- om in ons tydsgewrig van spesialisasie meer deskundiges te lewer.
- om rekening te hou met die omvang, ingrypenheid en tempo van hedendaagse verandering en vernuwing.
- om te verseker dat persone in hul werk aangepas bly, en
- om die status van professionele ampte te handhaaf.

1.10.2 Leerkultuur

Rensburg (SACHED, 1992: 48) verwys na die afwesigheid van 'n leerkultuur as "an observable lack of interest and commitment to learning and teaching".

Volgens destydse Minister van Onderwys Sam de Beer (SACHED, 1992 : 15) is konstruktiewe dissipline, waarmee hy bedoel selfdissipline en aanvaarding van dissipline, die enkel belangrikste elemente in 'n positiewe leerkultuur.

Toegepas op die leerkultuur in Swartonderwys verwys kultuur volgens The Teacher (1997:12) na die "... attitudes, customs, and daily (learning) activities of people (pupils), their ways of thinking, their values, their frames of reference".

David Drennan (1992: 3) definieer kultuur as "how things are done around here". Toegepas op leerkultuur dui Drennan se definisie op die groepsnorme van die betrokkenes rakende onderrig en leer, op hul houding ten opsigte van die onderrig- en die leertaak, en op wat hulle daaromtrent doen.

1.10.3 Lewenslange Onderwys

Die term dui op die organisatoriese en didaktiese struktuur asook op die strategieë wat leer toelaat om plaas te vind vanaf die kinderjare tot volwassenheid (Du Plessis, 1994). Dit verwys ook na die gebruik van verskillende opvoedkundige programme wat deur verskeie inrigtings en agente en dies meer, aangebied word, aldus Jordan, aangehaal deur Sulton (*Ibid.* 14).

1.10.4 Gemeenskapskollege

Hierdie tipe opvoedingsinrigting verwys na die inrigting waar daar omgesien word na die opvoedingsnood van die agtergeblewe gemeenskappe. Dit word gesien as die poort tot hoër onderwys. Sommige sien dit ook as 'n "oopdeurkollege". In Engels "opendoor"-kollege, andere praat ook daarvan as die "tweede kans-inrigting" (Kellerman, 1995 : 10).

Gemeenskapkolleges bied dus studiegeleenthede aan diegene wat nie eintlik voldoende studiegeleenthede gehad het nie of vir die student wat skool voortydig verlaat het of wie se skoolloopbaan misluk het. Dit bied ook vrye toegang, met ander woorde "anyone who can profit by the course can enter".

Dit is ook 'n studie-inrigting waar beroepsgerigte kursusse aangebied word, asook ontwikkelingskursusse en geletterdheidsprogramme. Ook kan dit oorbruggingsprogramme aanbied aan persone wat nie aan die nodige vereistes van tersiêre instelling voldoen het nie (Ibid: 10).

1.6 Verdere verloop van die studie

In hoofstuk twee word daar gekyk na agogiese nood as algemene en besondere verskynsel, terwyl daar in hoofstuk drie 'n empiriese verkenning van die agogiese nood in Elsiesrivier gedoen word. Hoofstuk vier sal handel oor 'n hermeneutiese verwerking van die ondersoek. Hoofstuk vyf sal riglyne gee vir die moontlike verligting of oplossing van die agogiese nood, met spesifieke verwysing na Gemeenskapskolleges.

HOOFSTUK 2

Algemene Agogiese Nood en Agogiese Bystand as 'n besondere verskynsel

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal daar spesifiek gekyk word na die algemene agogiese nood en die agogiese bystand as 'n besondere verskynsel. Voordat 'n mens dit kan doen, is dit belangrik om eers te kyk na die mens se biologiese nood, wat te doen het met oorlewing en die fisiese voortbestaan. Die agogiese nood het as voorvereiste te doen met die psigologiese welstand en vooruitgang van die individu en die gemeenskap. Laasgenoemde vereiste lei tot 'n verbetering van die lewe en lewensgehalte van die mens.

Opvoeding kan omskryf word as die ontwikkelingsproses waardeur die aangebore aanlegmoontlikhede van die mens ontwikkel en gevorm word deur middel van die invloed van die totale lewensmilieu waarin die mens hom bevind, maar veral deur middel van die invloed van die waardevolle geestes- of kultuurbesit van die volksgemeenskap waartoe hy behoort. Hierdeur word hy gevorm tot 'n mensegestalte wat hom onderskei deur sy innerlike georganiseerdheid en stabiliteit, dit wil sê karakterintegriteit en geïntegreerde wêreld- en lewensbeskouing; deur sy ontvanklikheid vir die invloed van objektief waardevolle geestesgoedere en sy bekwaamheid en strewe om hulle te waardeer, te handhaaf en self waardevolle kultuurprodukte voort te bring, maar veral deur sy vermoë en strewe om positief skeppend van sy eie ontwikkeling sowel as die van sy lewensmilieu deel te neem (The Teacher, 1997:2).

2.1.1 Wat is Nood?

Seker nog die uitdagend en onopgeloste vraagstuk van die ondersoek, is hoe om nood te definieer. Die belangrikste feit wat betref die definiëring van die nood, is dat dit teoreties gekonstrueer is. Lederer (1980: 3) wys daarop dat die bestaan van 'n individu se nood, of miskien die waarheid van sy nood, nie regtig fisies bewys kan word nie. "Needs can be understood abstractly to refer to those human requirements calling for response that makes human survival and development possible in a given society" (Masni in Lederer, 1980:3).

Nood/behoefte kan ook gesien word "as a necessary condition, as something that has to be satisfied at least to some extent in order for the needsubject to function as a human being". (Galtung, aangehaal deur Lederer, 1980:3)

Die aard van die nood by 'n individu of binne 'n gemeenskap, verskil van gemeenskap tot gemeenskap. Dit beteken egter dat nood/behoefte nie universeel orals van toepassing is nie. "Needs are constructed by the social structure and have no objective content:." (Rist, aangehaal deur Lederer, 1980:3).

Behoeftes kan in twee hoofgroepe verdeel word naamlik, biologiese behoeftes en sosiale behoeftes. Biologiese behoeftes is fisiologiese benodighede wat van absolute belang is vir ons oorlewing en fisiese lewe. Sosiale behoeftes is behoeftes wat later aangeleer word deur leer en ondervinding.

Abraham Maslow (1972: 48), 'n bekende sielkundige onderskei die volgende stel basiese fisiologiese behoeftes wat deur die mens ervaar word:

2.1.1.1 *Fisiologiese Behoeftes*

Fisiologiese behoeftes die mees basiese en sterkste behoefte. As hulle nie bevredig is nie, oorheers hulle alle ander behoeftes. Omdat fisiologiese behoeftes in die algemeen in die Westerse samelewing gereeld en genoegsaam bevredig word, speel hulle volgens Maslow selde 'n oorheersende rol. Iemand wat huisloos of werkloos is, sal veral sy fisiologiese behoeftes wil bevredig. Daar moet egter in hierdie behoefte voorsien word, voordat daar na die volgende behoefte gekyk word.

2.1.1.2 *Veiligheidsbehoeftes*

Dié behoeftes blyk gewoonlik duideliker by kinders as by volwassenes, maar beteken nie dat volwassenes nie 'n behoefte van veiligheid het nie. Die behoefte van veiligheid sluit 'n verskeidenheid spesifieke behoeftes in, bv. die behoefte van stabiliteit (voorspelbare roetine), orde, beskerming, en vryheid van vrees en angs. Die kind, byvoorbeeld, verkies 'n gestruktureerde, geordende wêreld. Inkonsekwente optrede van sy ouers skep 'n gevoel van onveiligheid en selfs vrees en angs, omdat niks voorspelbaar is nie.

2.1.1.3 *Behoeftte aan liefde en aanvaarding*

Maslow het by geleentheid gesê: "There is not a person... to whom it would occur to question the statement that we 'need' iodene or vitamin C... the evidence that we 'need' love is of exactly the same type". Die behoefte van liefde word in die algemeen gekenmerk deur 'n strewe na die daarstelling en instandhouding van liefdevolle verhoudinge met mense, bv. maats, vriende, 'n geliefde en kinders. 'n Belangrike eienskap van die behoefte van liefde is dat dit sowel die gee en ontvangs van liefde behels. Die liefde, aanvaarding en om iewers te behoort, word gekenmerk deur die strewe na groeplidmaatskap en identifikasie met 'n groep.

2.1.1.4 *Groeibehoeftes*

Wanneer die gebreksbehoefte genoegsaam bevredig is, stel dit die persoon vry om aktief te poog om uitdrukking te gee aan sy behoeftes aan selfverwesenliking. Hierdie behoeftes kom, soos Maslow dit self stel, neer op 'n 'desire to become more and more what one is, to become everything one is capable of becoming'. Hierdie begeerte en die gedragsvorme waartoe dit aanleiding gee, stel die persoon in staat om te groei- vandaar die term groeibehoeftes. In watter rigting 'n persoon sal groei, het baie te make met sy besondere vermoëns, talente en potensialiteite. Selfverwesenliking is dus uniek aan elke persoon, iets wat elkeen vir homself moet ontdek en uitleef.

Om te kan groei, impliseer volgens Maslow, 'n volgehoue spanning en nie die vermindering van spanning nie. Sodanige volgehoue spanning kan as aangenaam ervaar word. So byvoorbeeld veronderstel die strewe na die bereiking van 'n betreklik verafgeleë ideaal of mikpunt volgehoue spanning en nie spanningsvermindering nie.

'n Belangrike eienskap van selfverwesenlikende handeling is dat dit eerder intrinsiek-gemotiveerd is as ekstrinsiek-gemotiveerd. Ekstrinsiek-gemotiveerde gedrag is gerig op die verkryging van eksterne belonings. By intrinsiek-gemotiveerde gedrag setel die beloning in die individu se genot om iets op 'n bekwame wyse te doen.

2.1.2 Algemene Agogiese Nood

Agogies dui op 'n wedersydse aangewesenheid of 'n afhanklikheid aan mekaar. Tussen die begeleier en die begeleide is daar altyd 'n wedersydse afhanklikheid. Om laasgenoemde tot sy reg te laat kom, is gesonde dialoog van primêre belang tussen die begeleier en begeleide. 'n Mens word dit deur met ander te kommunikeer (Oberholzer, 1954:30).

Begeleiding met gesien word as die saamgaan van die een mens met 'n ander met die oog op begeleiding tot beter menswording. By die saamgaan kan ook 'n saamwees ingesluit word wat as voorwaarde vir saamgaan dien.

Hierdie nood word nêrens anders so duidelik geformuleer as in die bewering dat die mens "n vasgeklusterde wese" is. Pienaar (1976 : 53) formuleer dit as volg: "Die vasgeklusterde is nie gereed tot "Paideia" of begeleiding nie, eerstens omdat hy nie sy nood aan insig, sy nood aan die waarheid (Alatheia) besef nie en tweedens omdat hy nie die ander deur wie begeleiding voltrek moet word, gevind het nie" (1976:53). Die vasgeklusterde het die ander nodig om hom op die weg na die Alatheia (waarheid) te begelei (*Ibid.* : 56) want hierdie begeleiding sonder die ander is ondenkbaar.

Die mens is 'n wese wat aangewese is op begeleiding (Pienaar, 1971:10). Sonder een of ander begeleiding, in watter sinsfeer ook al, is menslike bestaan onmoontlik.

Begeleiding impliseer 'n dialogiese relasie, want daar is steeds twee (dia-agogie) wat in die begeleidingsverhouding betrokke is (*Ibid.*: 25). Die dialogiese begeleidingsverhouding lê ingebed in dialogiese betrokkenheid op die ander.

Die begeleidingshandeling moet dus die beter menswording ten doel hê, en is dan ook normgerig. Dit beteken dat die een persoon die ander moet begelei aan die hand van waardes en norme, want anders kan dit nie as goed of swak beoordeel word nie. Die ander kan begelei word na beter menswording omdat die begeleier die norme van 'n beter mens kan voortleef in die mate wat hy dit self verwesenlik het.

2.1.2.1 *Die Agogiese Struktuur*

Binne die agogiese struktuur word die volgende sub-strukture onderskei, naamlik die pedagogiese (begeleiding van die kind), die andragogiese (begeleiding van die volwassene) en die gerontogogiese (begeleiding van die grysaard) (Pienaar, 1971: 48). Die mens word tydens elke sinsfeer verskillend begelei. By die kind as volwasse-wordende het ons 'n asimmetriese verhouding, te wete die kind as nie-volwasse en die volwassene. By die volwassene en grysaard het ons met 'n simmetriese verhouding te make (*Ibid.* : 25). Begeleiding van die modus kindwees kan die beste met die begrip opvoeding verbind word.

Die mens word vanaf sy geboorte tot die dood begelei. Die kind moet deur die volwassene gelei word, want die kind kan nie self antwoord nie en het nood aan die volwassene se leiding.

Wat die ouers van die ou Griekse beskawing betref, het hulle besondere dankbaarheid en bereidwilligheid tot begeleiding aan die dag gelê ten einde die kind te lei om te word wat hy behoort te word. Die ouers het die kind tot lot-en-bondgenoot en dus as pedagogiese verantwoordelikheid aanvaar. Vir die kind as waardevolle geskenk moes plek ingeruim word in die pedagogiese gebondenheid. Die Grieke het die kind met reinheid en onskuldigheid geassosieer, maar die kind moes die wysheid van die volwassene bekom ten einde te kan weet wat hy veronderstel is om te weet.

Die kind kom in die wêreld met 'n verskeidenheid moontlikhede. Hy kan as openheid gesien word en die wêreld staan vir hom oop. Sy werklike wêreld is egter aanvanklik klein en geslote. Hy het medemenslike hulp nodig om die wêreld waarin hy hom bevind te onsluit en toenemend tot selfstandige navorsing oor te gaan en die grense van sy eie wêreld te verskuif. 'n Mens het die begeleidingshulp van 'n gesaghebbende kenner nodig om te lei tot 'n selfstandige onsluiting van die werklikheid. Sonder 'n intellektuele greep bly al die lewensterreine vir die mens geslote. Selfs die wonder daarvan word nie eens sigbaar nie. Die mens van ons tyd word groot, of blootgestel, aan 'n wêreld met 'n veelheid van kennis. Hy moet dus geleidelik ingelei word in die kennis wêreld. Dit is vir geen mens moontlik om in sy eie leeftyd beheer te kry oor die beskikbare kennisveld nie.

Met die nodige begeleidingshulp leer hy sy eie tekorte en gawes ken en ontdek hy die veld van sy besondere voorkeur en liefde waarop hy hom kan toespits.

Oberholzer (1977 : 94) maak ook duidelik onderskeid tussen behoeftes, hunkering en nood. Volgens hom het behoeftes 'n baie sterk biologiese konnotasie. Om te hunker, volgens Oberholzer, beteken "om te verlang, om te wil ervaar, te wil weet en te smag na sekerheid en gemoedsvrede". Hunkering is die wyse van ontvoing van die nood wat beleef word. Nood is altyd aanwesig by elke mens as gevolg van ongeborgenheid. Die mens verkeer sy hele lewe lank in 'n situasie van nood.

2.2 Die Menslike Hunkering

Ingebore in die mens vind ons 'n verlanging na die ideale, na die objektief waardevolle in die lewe. Oberholzer onderskei in dié verband 'n aantal hunkeringe wat op elke mens se lewe betrekking het. Een van die mens se diepste hunkeringe is sy nood aan 'n medemens wat hy kan vertrou. Dit sluit aan by Oberholzer (1977: 11) wat dit soos volg verwoord: "Ons het nood aan mekaar, veral nood aan daardie iemand met wie ons dit vir alle toekoms onder alle moontlikhede omstandighede kan waag".

Volgens Oberholzer (1977: 97-109) is een van die mens se grootste hunkeringe om te wil weet of hy welkom is in sy medemens se teenwoordigheid. Die mens hunker daarna om menslikheid te belewe en dit te geniet (*Ibid* : 98).

'n Ander hunkering wat vir die mens van belang is, is om raakgesien, en ook om deur sy medemens aanvaar te word soos hy is. Ook is daar die hunkering van die mens dat daar na hom geluister moet word sodat gesonde dialoogvoering kan plaasvind. (*Ibid* : 99). Elke mens is geregtig op die erkenning van sy waardigheid, maar ook dat sy waardigheid eerbiedig sal word. Daar is ook die hunkering dat die medemens die intimiteit sal bewaar.

Die mens hunker ook daarna dat ander hom nie net moet aanvaar soos hy is nie, maar soos hy kan wees, moet wees en behoort te wees. As iemand net aanvaar word soos hy is, word hy van alle bykomstighede beroof (*Ibid* : 100).

Die mens oor die algemeen is 'n baie sensitiewe wese, en dit is juis om dié rede dat die mens hom nie as oorbodig of oortollig wil sien nie.

Volgens Linqvist (1986: 37) is daar by die mens 'n voortdurende hunkering om betekenisvol deel te wees van en deel te neem aan alle menslike bedrywighede. Waarna die gemarginaliseerde mens hunker, is dikwels nog vir hom onbekend. Om dit te kan ontdek, het hy kennis nodig. Louw (1991: 26) wys daarop dat die menslike nood aan 'n tuiste, vastigheid en ankers 'n onvernietigbare hunkering is, 'n behoefte waaraan dit die moeite werd is om te voldoen sodat die mens volwaardig mens kan wees. Die mens wil hom sien as 'n wese wat gebruik kan en wil word.

2.3 Die Agogiese bystand as 'n besondere verskynsel

Volgens Kellerman (1955: 33) is die begeleiding van die mens tot verligting van die agogiese nood, is kennis van deurslaggewende belang. Dit beteken dat al die bestaande onderwysrigtings se funksie die oordrag en die onsluiting van kennis bevat.

2.3.1 Kennis

Kennis word in die *Afrikaanse Woorueboek* van Terblanche en Odendaal (1966: 44) omskryf as "ken, geheel van wat mens ken, bekendheid, vertrouwdheid met, wete, bewussyn, bewustheid, verstand van iets, goeie begrip, verstand en insig". Kennis is mag. Wat 'n mens hieruit kan aflei, is die feit dat as kennis beperk of begrens word, laat dit die mens magteloos, uitsigloos, sonder invloed en gesag. Om kennis te verwerf, verg leergeleenthede.

Volgens Kruger en Whittle (1982: 8) kan dit baie maklik gebeur dat die mens in sy najaag na kennis aangaande sy wêreld, homself en na sy plek in die wêreld, sy eie beeld vertroebel, in plaas dat dit verhelder word.

Ongeag watter kennis ook al deur die mens op sy opgewing toegepas word, moet dit deur hom aangeleer word, en die meeste van die kennis wat aangeleer is, moet aan hom gekommunikeer word (Smith en Greyling, 1990: 236). Oberholzer (1989:526) merk tereg op dat, as daar nie kommunikasiekanale na en van die mens bestaan nie, bly die mens onrustig, onseker, uitsigloos, twyfelend, troosteloos en ontwyk die ware sin van die lewe hom nog steeds. Onderwys bly die aangewese kommunikasiekanaal tussen individue.

Volgens Badenhorst (1989:415) kan die kennis wat oorgedra word, indien dit in sy omvang sowel as in keuse beperk word, nie sinvolle bydrae tot die mens (kind) se volwassenheidskwaliteit lewer nie. 'n Gebrek aan kennis en duidelike leiding open dikwels die deur vir verduisterende invloede. Kennis verhoed dus dat die mens staties bly en onbehoorlik optree. 'n Groot deel van die RSA se bevolking het 'n nood aan en hunkering na kennis wat met verbreding en verdieping gepaard gaan; dit is immers by die mens 'n natuurlike begeerte om deur kennis bevredig en gerig te word (Englbrecht, 1991: 11). Die geslote werklikheid waarin 'n groot deel van die RSA se bevolking vasgevang is, kan slegs deur kennis ontsluit word om die gevoel van vastigheid en sekerheid te bied wat so noodsaaklik is om as werklik volwasse persone hulle plek in die wêreld vol te staan en sodoende hulle verantwoordelikheid teenoor God, medemens en die kosmos na te kom (Duminy en Söhnge, 1981: 3; Linghard, 1980: 19).

2.3.2 Onderwys

Volgens Badenhorst (1989:415) is dit die onderwys wat kennis oordra, want sonder vakinhoud is daar geen sprake van onderwys nie. The Teacher (1997) verklaar "It is education that puts people in command of their lives". Ongelukkig is daar miljoene mense in die RSA wat daagliksonder die basis van opvoedkundige kennis, bestaanbesluite moet neem.

Dit is egter belangrik dat in gedagte gehou word dat daar 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking is wat geen formele onderwysfase deurloop het nie, en dus nog nie voldoende onderwyskennis opgedoen het nie.

Kennis word ontbloot deur onderwys en leer. Volgens Kellerman (1995 : 44) is dit nie net op die formele onderwysvlak dat kennis genereer word nie, dit vind ook op die nie-formele vlak plaas. Ook wys Castelyn (1985: 43) tereg daarop dat die kennis en vaardighede aangeleer word en die ideale en gesindhede ontwikkel word deur te luister na die gesels van ouer mense, deur hulle voorbeelde na te volg en deur aan hulle gemeenskaplike verrigtinge deel te neem.

Sonder die nodige opvoeding dus, sal die mens se wêreld as leefruimte ineensort. Opvoeding moet die mens in die regte rigting begelei.

2.3.3 Enkele Instellings van Opvoeding en Onderwys

2.3.3.1 Die Gesin

Die ouer dra seker die grootste verantwoordelikheid vir sy kind se opvoeding. Dit is immers die ouer wat weet wat sy kind se grootste behoefte is of waar sy tekortkominge geleë is. Volgens Kellerman (1995:64) is juis die gesin die plek waar gesindhede oorgedra en onderrig moet word en waar die etiese bestemmingsfunksie van die huis duidelik sigbaar blyk. Die ouers wat die leiers binne 'n gesin is, het 'n Godgegewe plig teenoor hulle kind of kinders. Dit is ook nie net ouers wat hul kinders se opvoeding beïnvloed nie, maar oor die totale huishouding, asook die buurt. Volgens Die Unie (1987: 58) het daar die afgelope tyd in die tradisionele gesinslewe groot veranderinge ingetree wat die gesinsverhouding verander het. In baie gevalle beoefen beide ouers vandag 'n beroep, wat aanleiding gee tot 'n losser gesinsverband en vir die opvoedingsproses hou dit verreikende implikasies in. In ander gevalle het ouers nie die nodige opvoeding gehad nie. Gevolglik word 'n lewenstyl op hul kinders geprojekteer wat die kinders negatief beïnvloed. In hierdie geval tree armoede baie sterk na vore wat aanleiding gee tot swakker gesinsrelasies. Ouers in hierdie situasie is vir lang ure weg van die huis en die kinders word nou toegelaat om hulself of ander kinders op te voed. Kinders het gevolglik baie min kontak met hul ouers.

2.3.3.2 Die Skool

Die skool, volgens Pluckrose (1987: 12), moet pas by die kind. Skool in hierdie verband beteken enige inrigting (vanaf 'n pre-primêre tot by hoërskool). Volgens Du Plessis (1994) is 'n skool " 'n maatskaplike instelling wat juis tot stand kom om die gemeenskap op 'n deskundige wyse by te staan met die opvoeding van hul kinders, in die besonder die didaktiese of onderwysende aspek daarvan".

Gunter (1965: 105-106) wys tereg daarop dat die skool in die hedendaagse wêreld tot een van die belangrikste opvoedingsinstansies ontwikkel het om die kind se totaliteit te vorm. Behalwe dus die vakkennis wat die skool voor verantwoordelik is, is dit ook daar ter voorbereiding van die kind se menswaardige toekoms bestaan.

2.3.3.3 Samevatting

Die mens is 'n wese in nood. Volgens Landman (1989: 514) is die mens vanaf sy geboorte tot en met die dood noodbehoewend, en het dus steun en begeleiding nodig. Dit moet altyd in gedagte gehou word dat die aard en omvang van die begeleidingsnood verskil ooreenkomstig die verskillende bestaanswyses.

Een van die grootste en ernstige leemtes in die bestaande Suid-Afrikaanse opvoedingstrukture is die onvermoë om in die opvoedingsnood van die miljoene gemarginaliseerde Suid-Afrikaanse jeugdige te voorsien. Dit is

jus die gemarginaliseerde jeug wat betref hul agogiese nood, spesifiek genik op 'n gedepriveerde, stedelike gebied, naamlik Elsie'srivier, waarna daar in die volgende hoofstuk gekyk gaan word.

HOOFTUK 3

Empiriese verkenning van die agogiese nood in Elsiesrivier


3.1 Inleiding:

In hoofstuk drie word gepoog om die agogiese nood van die gemeenskap van Elsiesrivier, 'n woonbuurt op die Kaapse Vlakte, te weergee. Dit is egter belangrik dat dit genoem word dat daar baie min inligting bestaan oor Elsiesrivier, daarom is die inligting wat bekom is, deur onderhoude met gemeenskapleiers, predikante, skoolhoofde, maatskaplike werkers sowel as die inwoners van die gemeenskap verkry.

3.2 Ligging:

Elsiesrivier is geleë ongeveer 15 km wes van Kaapstad en 6 km oos van Bellville. Dit word omring deur Goodwood, Parow en die Kaapse Metropoolgebiede van Bonteheuwel, Valhalla Park, Kalksteenfontein en Netreg. Sien ook die ingeslote kaart (Fig. 1)

ELSIES RIVER



3.3 Die geskiedenis van die gebied:

Elsiesrivier was vroeër 'n halte (waar Elsiesrivierstasie vandag geleë is) vir waens van die omliggende plase om sodoende goedere daar af en op te laai. Die Elsieskraalrivier het perde van vars water voorsien. So was hierdie gebied in die vroeë 1870's 'n vreedsame boerdery gebied. Verskillende grondeienaars was daar woonagtig onder ander Frederick Thomas, Dirk Adriaanse en die Allaad broers. Oor die jare het al hoe meer mense na die gebied gemigreer. Tydens die apartheidswetgewing het mense hul vera hier kom vestig wat moes pad gee as gevolg van die Groepsgebiedewet. Werk was skaars, die mense arm en die huise het meestal bestaan uit sink pondokkies. Intussen het industrieë begin uitbrei in en rondom Kaapstad. So het die industriële groei begin uitbrei na gebiede soos Goodwood, Bellville en Parow. Die werkers wou so na as moontlik aan hul werkplekke bly en Elsiesrivier was dus die plek om te gaan woon. Volgens Dawid Thomas (onderhoud: 12 Maart 97), een van die oudste inwoners in Elsiesrivier, was die lewe nooit maklik hier nie. Elsiesrivier was byvoorbeeld in 1942 as een van die "black spots" geïdentifiseer deur die destydse Mediese Beampte van Gesondheid. Siektes het wydverspreid voorgekom, veral onder jong kinders. In die laat veertigerjare het die meeste blankes onder die nuwe Nasionale regering uit die gebied padgegee. Teen hierdie tyd het die migrasie van mense vanaf plattelandse gebiede begin. Hierdie migrante was van die armste met baie min of geen skoling. Werkloosheid en geweld het hoogty gevier. Elsiesrivier het die reputasie begin kry dat daar 'n smokkelhuis in elke straat is, wat nou nog die geval is. Groot dele word deur bendes (met wie die navorser ook onderhoude gevoer het) regeer. Die afgelope twee jaar is Swartes, veral uit die Oos-Kaap, besig om hul tuiste te maak in die sub-ekonomiese dele.

3.4 Gemeenskapsprofiel:

Elsiesrivier is 'n tipiese lae inkomste gebied. By een van die primêre skole in die omgewing is byna 50% afhanklik van 'n welsyntoelaag by die Departement van Welsyn. Die gemeenskap is oorwegend saamgestel uit bruinmense met ongeveer 'n kwart daarvan Moslems. Die meeste mense is woonagtig in sub-ekonomiese behuising, bestaande uit woonstelle asook koppel- en vrystaande huise. Ongeveer 30 % van die inwoners van Elsiesrivier is die eienaars van die huise wat hulle bewoon.

3.5 Gemeenskapsentra:

Elsiesrivier beskik oor drie gemeenskapsentra, drie biblioteke, een swembad en twee ouetehuse. Behalwe die feit dat die drie gemeenskapsentra dien as die belangrikste bymekaarkomplekke wat funksies van die gemeenskap betref, dien dit ook as 'n plek vir die versorging van kleuters, bv. crèches ensovoorts.

By die drie biblioteke word verskillende programme vir kinders aangebied. Maandagmiddae vanaf 14h30 is byvoorbeeld storietyd vir kinders. Dinsdae is daar boekbesprekings wat veral gemik is op hoërskoolleerlinge se voorgeskrewe werk. Ook speel die SHAWCO ('n studieliggaam verbonde aan die Universiteit van Kaapstad) 'n absolute belangrike rol by dié sentrum. Hier word veral Ballet, Drama, Kuns en gesondheidsdienste aan die gemeenskap gelewer. Ook word ontspanningsessies vir die senior burgers van die dorp hier aangebied. Dit neem die vorm aan van aerobiese oefeninge, naaldwerkklasse, gesels en tee en koffie drinkery. Ook word opbouende programme gereël vir kinders, veral oor naweke en vakansietye, deur die kantore van Diakonale

dienste wat verbonde is aan die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (voormalige N.G. Sendingkerk).

3.6 Godsdienst:

Daar is 'n groot verskeidenheid van kerkgenootskappe in die area. In byna elke pad is 'n kerk. Byna alle skole in die area bedien tussen drie en vier verskillende kerke. Sommige van hierdie kerke bestaan uit so min as 10 lidmate. Sommige kerke beskik oor crèche-fasiliteite, jeugverenigings, ens. Baie van die kerke is betrokke by aktiwiteite soos sop-kombuise by skole, ouetehuse en sommige woonstelle. Ook beskik baie van die kerke oor drama-groepe wat gereeld op uitnodiging by skole en sportorganisasies se funksies optree.

Ook speel baie van die kerke 'n belangrike rol wat betref die bendes in die omgewing. Volgens leraars van twee verskillende kerke word daar op 'n gereelde basis by twee plaaslike kerke spesiale dienste gereël vir bendes in die omgewing. Interessant is die feit dat by heelwat van die kerke, dit oud-bendelede is wat senior posisies beklee in die kerkgemeentes.

Wat die twee moskees in Elsiesrivier betref nl. die Surdique en die Husami Moskee, beskik hulle albei oor belangrike voedingskemas wat kospakkies aan rondlopers (bergies) en werklose gesinne skenk. Ook word hier aktiwiteite soos speletjies en handwerkklassies aangebied om die kinders besig te hou.

3.7 Skole:

Elsiesrivier word bedien deur 5 hoërskole (waarvan een 'n tegniese hoërskool is) en 16 primêre skole. Aangesien die grootste gedeelte van die skole in die sub-ekonomiese gebiede geleë is, hou hul probleme ook verband met die sub-ekonomiese omstandighede bv. gedrags-, dwelm-, inbraak en bende probleme.

Sommige van die skole (veral daardie wat geleë is in die laer sub-ekonomiese gedeeltes) verander na skoolure in 'n uithangplek vir bendes. By heelwat skole is ontdekkings al gemaak van ammunisie, gevaarlike wapens en dwelmmiddels, met ander woorde, skole dien as bergplekke vir die besittings van bendegroepe.

Hierdie aktiwiteit het natuurlik 'n geweldige negatiewe invloed op die opvoedkundige programme van skole. By twee verskillende skole is die situasie so erg dat alle aktiwiteite by die skool slegs kan plaasvind vanaf Maandag tot Vrydag tussen 08h00 en 14h15. Daarna moet al wat kind of opvoeder is, maak dat hy wegkom. Oueraande, kultuuraktiwiteite en sportprogramme word die ergste geraak. 'n Interessante observasie wat gemaak is, is die feit dat baie van die skole besig is om leeg te loop. Ouers in die omgewing verkies om hulle kinders na skole te stuur waar dit veiliger is, asook waar hulle die nodige blootstelling wat betref skoolaktiwiteite en -programme kry.

3.8 Probleme in Elsiesrivier:

Elsiesrivier is seker een van die grootste probleemareas in die Wes-Kaap. Een van die grootste oorsake wat daartoe aanleiding gegee het, is die feit dat die meeste volwasse inwoners halfgeletterd of ongeletterd is. Die trotsheid wat mense moet hê vir hul woongebiede het totaal verdwyn. In die vele gesprekke wat met inwoners gevoer is, is daar agtergekom dat mense geneig is om net te sit en wag vir wat vir hulle gedoen kan word. Dit blyk ook dat die grootste sondebok vir die huidige toestande voor die deur van die Wes-Kaapse Metropolitaanse Raad gelê moet word. Verskillende programme is die afgelope vyf jaar op die been gebring om sodoende gemeenskappe se moraal te verhoog so, byvoorbeeld, word geletterdheidsprogramme aangebied by drie verskillende laerskole asook by die plaaslike Rooms-Katolieke Kerk.

Hierdie program het sy ontstaan te danke aan 'n begrip vir die nood wat daar in die gemeenskap bestaan het, en is 'n daadwerklike poging om dit aan te spreek.

Die volgende is van die grootste en algemeenste probleme wat in die area ondervind word:

- 'n tekort aan behuising;
- werkloosheid;
- drank- en dwelmmisbruik;
- smokkelhandel;
- bendes (seker een van die grootstes in die gebied);
- bloedskande, verkragtings en seksuele molesterings;
- inbrake by wonings, kerke en skole;
- huidige woonomstandighede;

- ~~inligting van die gemeenskap~~

~~Om inligting te verkry oor beproefde probleme moes daar onderhoude gevoer word met mense in die gemeenskap en vervolgens word daar enkele van die probleme kortliks bespreek.~~

3.8.1 Behuising:

Dit is seker een van die grootste probleme wat die gebied teister. Volgens die Wes-Kaapse Anti-Misdad Forum woon die meeste mense in een- of tweeslaapkamerhuise of woonstelle. Wat in die meeste gevalle opgemerk is, is die feit dat in byna alle woonplekke 'n aantal mense woon wat die getal wat veronderstel is om die huis te bewoon, ver oorskrei. Die getal per woning wissel tussen ses en agt mense. In sommige gevalle is daar tot sestien mense per woning. Wat in baie gevalle gebeur, is die feit dat kinders wat trou of geboorte gee aan babas, nie die ouerhuis verlaat nie, maar almal in die huis aanbly. 'n Wesenlike probleem wat veral by skole ondervind word, is dat leerlinge nie eintlik skoolwerk tuis kan doen nie, aangesien daar nie voldoende ruimte is nie. Ruimte is dus 'n wesenlike probleem.

Volgens inwoners van sommige van die woonstelle is dit vir hulle soos 'n hel op aarde binne hierdie woonstelle, veral gedurende winter en somer. Gedurende die winter is dit koud en gedurig klam, met plafonne wat muf is. (Baie van die inwoners se elektriese krag is afgesny.) In die somer is die hitte ondraaglik, aangesien die wooneenhede so vol is en mense nie met oop vensters kan slaap nie, uit vrees vir hulle lewens.

in 'n baie mate wat mens se behoeftes is te genoen, wat die kind die volle belangrikheid van die mens se behoeftes aanvaar, en om die mens se behoeftes te verskaf. Die West-Kaapse Metropolitaanse Raad is vir die mens se behoeftes verantwoord. Volgens die mens se behoeftes is al die afgelope ses maande in 'n baie mate die West-Kaapse Metropolitaanse Raad nie kan help met hoeswerk nie.

3.2 Enkelouers en oerlose gesinne:

Dit is ook van die groot probleme wat voortspuit uit die lae-subekonomiese toestande. In byna 50% van alle gesinne word die gesin gedra deur 'n enkelouer (*Die Metro Burger* 9 Februarie 1997). Die twee lydende partye in hierdie geval is dus die kind of kinders en die ouer self.

“Die vader of moeder is of spoorloos, weer getroud, of in die gevangenis“ (*Ibid.* 7). Wat egter so tragies in hierdie gevalle is, is dat as gevolg van die vader wat elders leef of getroud is met 'n ander vrou, die moeder van 'n gesin wat nou vaderloos is, in die meeste gevalle geen onderhoudstoelaag ontvang nie.

Dit is in sulke gevalle waar armoede hoogty vier. Moeders word dus geforseer om gesinne agter te laat om werk te gaan soek. In baie gevalle is die jongste in die gesin maar 'n paar maande oud. Volgens die Diakonale dienste van Elsiesrivier is 'n ander probleem wat dikwels dan sy kop uitsteek, prostitusie. Geen diens is in Elsiesrivier beskikbaar om hierdie probleem die hoof te bied nie.

'n Ander probleem is ouerlose gesinne. As gevolg van armoede word gesinne deur ouers verlaat. Kinders moet maar vir hulself sorg, terwyl die moeder of vader, of in sommige gevalle albei, die keuse gemaak het om elders 'n bestaan te voer. Hierdie kinders word "opgeneem" deur ander gesinne in die omgewing en dit gee dan net weer aanleiding tot die probleem van oorbevolking in huise. Die verskillende kerke en die twee moskees in die omgewing speel 'n belangrik rol wat die hantering van hierdie probleem betref.

3.8.3 Werkloosheid:

Indien baie ouers by een of ander werk betrokke sou wees, sou baie maatskaplike probleme nooit bestaan het nie. Werkloosheid gee aanleiding tot 'n hele aantal ander probleme, onder andere dwelm- en drankmisbruik, buite-egtelike verhoudings, bloedskande, armoede, ens.

Ouers beskik dus eenvoudig nie oor die nodige fondse om om te sien na die basiese dinge soos kos, klere, water, elektrisiteit, medikasie en skoolfonds nie. Die persoon wat dus die swaarste getref word is die kind. Volgens die *Weekly Mail* van 25 April 1996 is 17.3 % van die Wes-Kaapse bevolking werkloos. Meer as die helfte van hierdie mense is alreeds werkloos vir die afgelope jaar. Ook beskik 'n groot gedeelte of 97.7 % van hierdie mense oor geen na-skoolse kwalifikasie en 86.9 % oor geen opleiding in enige tipe werk nie.

Volgens Julia Schmidt (onderhoud: 4 Junie 1997), 'n plaaslike maatskaplike werkster, is "unemployment the start of a vicious circle. It leads to apathy, substance abuse, physical

and mental abuse of family members, and the eventual disintegration of the entire family structure".

Quinton Arendse (1997), 'n maatskaplike werker vir die onderneming Nikro in Manenberg wat 'n program begin het nl. "Empowerment for Employment" sê daar is verskillende stadiums wat 'n werklose persoon deurgaans terwyl hy 'n werk probeer soek en dit het betrekking op mense van enige klas en profesie.

Eerstens glo hierdie mense dat hulle 'n werk sal kry en daarom begin hulle na werk te soek. Na 'n paar weke of maande begin hulle moed te verloor en begin hulle dan te twyfel. 'n Gevoel van waardeloosheid begin hulle oorval. Hulle hou op met werk soek en begin dan onaktief te raak, hul begin dan wag dat daar hopelik iets sal gebeur. Die eindresultaat is depressie wat intree. Eentonigheid, frustrasie, gevoelens van waardeloosheid en mislukking, buierigheid, afhanklikheid van andere, 'n swak selfbeeld en belangeloosheid en moegheid in die lewe is die stappe wat lei tot die armoede sindroom wanneer die werklose persoon 'n parasiet op die gemeenskap word. So 'n persoon vind dat sy hunkeringe van menswees nie bevredig word nie en hy ervaar die gewaarwording van oorbodig te wees. Ten slotte word sy menswaardigheid bedreig.

3.8.4 Bendebedrywighede:

Bendebedrywighede wêreldwyd kommer en is dus ook 'n besondere groot probleem in Elsiesrivier. Bendeledetal groei in tye wanneer werkloosheid hoogty vier onder die armes, (*Die Burger*, 14 September 1996). Volgens die *Cosmopolitan* van November 1996

moet onthou word "...that gangsterism is not a crime but a subculture".

Elsiesrivier vorm deel van die bendewêreld van die Kaapse Vlakte. Onderhoude is gevoer met bendelede om meer te wete te kom van hul bedrywighede. "Ja-nee" sê Majoor ('n bendelid) "die atmosfeer is weer warm die afgelope paar dae. Die blok is benoud, dit broei". Die tyd is ryp vir 'n bende oorlog, of "M-Net" soos hulle dit noem. "Dis 'n rowwe plek dié" sê hy. "'n Bende dreig jou om 'n moord te pleeg. As jy nie wil nie, dan kom hulle jou kop afgee - jy word vermoor - of hulle 'paralyse'jou en jy's in 'n rystoel. Anders skuld jy vir hulle 'n kop, dan moet jy later iemand anders doodmaak". Geweld is volgens hierdie bendelid iets alledaags.

Die Amerikaanse invloed is oral in die omgewing. Orals teen die woonstelmure is die bekende dollartekens, "Stars and Stripes", "Guns and Knives" aangebring. Die bendelede se lewens word op hul lywe uitgetatoeër. "Stuka" noem hulle dit. Volgens die bendelid kan jy soms nie 'n vyftigsentstuk op 'n ou se lyf druk sonder om 'n stuka te raak nie.

Die taal wat die bendes praat, is Afrikaans, nie die taal van die Paarl se "taalpaal" nie, maar die straattaal, ongebonde, kwistig gekrui (*Die Burger*, 21 April 1997).

Die bendelewe draai hoofsaaklik om Mandrax-handel. Hulle smokkel met die tablette. Besendings word uit die buiteland gekry, dan moet dit opgepas en verkoop word.

Verskillende dele binne Elsiesrivier behoort aan verskillende bendes. Dit word duidelik afgebaken deur verskillende graffiti op die mure van woonstelblokke.

Opvoeding is seker een van die aspekte wat die swaarste getref word deur bende aktiwiteite. By talle skole is heelwat leerlinge betrokke by bendes. Volgens een van die kinders is dit g'n speletjie om lid van 'n bende te wees nie, want soos hy dit noem, is die Americans, Dixies, Hard Livings en Jackies harde kalante. Die gevolg hiervan is dat bendes nie skroom om by klaskamers in te bars om leerlinge en onderwysers te dreig nie.

Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement het 77 skole van veiligheidswagte voorsien om hulle te help met hierdie probleem. Volgens *Die Burger*, 13 Februarie 1996 kos hierdie maatreël die WKOD jaarliks meer as R10,65 miljoen.

'n Ander probleem wat voorsien word in die toekoms, is die talle leerlinge wat afhanklik is van welsyntoelaes. Volgens een van die plaaslike Voorligtingsonderwysers gaan bendebedrywighede bevorder word as die welsyntoelaag verminder gaan word. Verdere verarming gaan intree onder behoeftiges. Onderwysers van die skole meen leerlinge en onderwysers van meer gegoede skole het nie 'n benul van die trauma wat hulle deurmaak nie.

Messe en ander skerp voorwerpe word gereeld afgeneem by leerlinge wat betrokke is by bendebedrywighede. Volgens een van die onderwysers wat reeds langer as 30 jaar in Elsiesrivier skoolhou, is die meeste van die leerlinge in haar klas nie daar om te leer nie. "Die skool het vir hulle 'n veilige hawe geword, waar hulle vir 'n paar uur kan wegstom

van 'n harde samelewing waar alkohol en dwelmmiddels daagliks voorkom."Volgens 'n ouer maak gesoute bendelede allerlei beloftes sodat die kinders by hulle misdadige aktiwiteite betrek kan word.

'n Afleiding wat van die hele bendekultuur gemaak kan word, is dat die soort bestaan so alledaags geword het vir die gemeenskap dat hulle nie eens besef hoe dit hulle lewens verwoes nie. Aangesien dit 'n kultuur geword het, aanvaar talle ouers dit as die standaard, daarom is hulle kinders se bendebedrywighede nie vreemd nie. 'n Kind se bendeloyaliteit word dikwels somer by voorbaat bepaal deur die plek waar hy grootword. Boonop is die ouers dikwels die bende waaraan hulle kinders behoort goedgesind, want die leier is hulle broer, neef, oom of vriend (Instituut vir Kinder- en Familie Ontwikkeling, U.W.K.).

Die bendekultuur het dus so handuitgeruk dat die gebied eintlik vasgevang is daarin.

3.8.5 Drankmisbruik:

Dit is ook een van Elsiesrivier se grootste maatskaplike euwels. Dit is een van die grootste oorsake van die verbrokkeling van gesinne.

Een van die ouers met wie 'n onderhoud gevoer is, sê "Jy kan nie sonder wyn in hierdie plek bestaan nie, dit gee jou 'n ekstra paar hande om te kan vat wat die lewe na jou kant toe gooi". Volgens 'n maatskaplike werkster is die oorsaak van die hoë gebruik van alkohol in die gebied, die hoë vlak van werkloosheid en die lae inkomstevlak van baie families. Ander oorsake is die tekort aan ontspanningsgeriewe, die voorkoms van

smokkelkroeë asook goedkoop soorte wyn.

Die misbruik van alkohol affekteer alle ouderdomsgroepe m.a.w. die kinders, tieners, volwassenes en oumense. Volgens onderwysers is gevalle gevind waar kinders reeds op 10-jarige ouderdom alkohol misbruik. Die probleem is die ergste onder diegene wat uit die formele skool “geval” het. Dit is dus vanselfsprekend dat die meeste van hulle geen opleiding, en dus geen opvoedkundige kwalifikasie, het nie. Daarom is dit moeilik om werk te kry. Indien hulle gelukkig is om wel werk te kry, is dit werk met 'n baie lae inkomste, aldus die Trauma Sentrum vir Slagoffers van Geweld.

Ook kom die misbruik van alkohol onder vroue al meer na vore. Volgens 'n middeljarige huisvrou, 'n moeder van vyf: “Elke aand gaan slaap ek met 'n leegte op my maag wat knaag - die knaag is nie van honger nie, dis van 'worry' oor hoe ek my kleinstuks se magies môre en oormôre en volgende week gaan voed. God alleen weet maar ek kan nie meer nie - dit maak my mal en dan suip ek die seer stil”. Volgens 'n welsynwerker lei die toenemende gebruik van alkohol onder vroue tot 'n toename in kindermishandeling.

Die patroon van drinkery in die gebied hou ook sterk verband met die beskikbaarheid van geld. Omdat die meeste werkers in die omgewing weekliks salaris kry, vind die meeste drankmisbruik naweke plaas. Hierdie feit is beaam deur een van die drankwinkelleienaars. Volgens hom is hy totaal afhanklik van die inkomste wat gegenereer word deur die verkope aan mense uit die sub-ekonomiese dele en smokkelhuisseienaars. Welsynwerkers en kerkleiers is totaal gekant hierteen en beskou dit as 'n “kanker van die gemeenskap”.

Volgens die welsynorganisasie is hulle totaal onderbeman en daarom nie in staat om die probleem te bekamp nie. Volgens 'n gemeenskapleier is daar definitief 'n afname in morele standaarde te bespeur in die omgewing. Die misbruik van alkohol is as die belangrikste aspek geïdentifiseer, gevolg deur onbeplande of "unwanted" swangerskappe en die misbruik van Staatstoelae.

Volgens 'n personeellid by die plaaslike daghospitaal kom gevalle van babas wat gebore word met "Fetale Alkohol-Sindroom" (FAS) al meer voor. FAS is 'n karakteristieke patroon van liggaamlike en verstandelike geboortegebreke wat veroorsaak word deur oormatige alkoholgebruik deur die moeder tydens swangerskap. Hieroor word nog steeds baie navorsing gedoen.

Vir ekonomiese oorlewing is baie mense in die gebied in die meeste gevalle afhanklik van Staatstoelae. Hierdie bronne sluit in pensioene, en toelae vir ongeskiktheid, werkloosheid, onderhoud en ander toelae. Ernstige misbruike wat betref Staatstoelae is reeds gerapporteer by die kantore van Diakonale Dienste. Dit is veral die senior burgers wat die ergste deurloop onder genadelose smouse en "money-lenders". Groot probleme word egter voorsien vir hierdie gemeenskap indien die Staat sou voortgaan met die verlaging in Staatstoelae.

3.8.6 Geletterheidsvlak:

Die feit dat die Nasionale Ekonomiese Ontwikkeling en Arbeidsraad die kwessie omtrent geletterheid heel bo op hul agenda geplaas het, is 'n bewys van die belangrikheid daarvan

in nasionale verband (*Weekly Mail* 13 Maart 1997). Vir Elsie-rivier is dit ook een van die grootste probleme. Baie volwassenes in die omgewing is semigeletterd of ongeletterd. 'n Onlangse geletterheidsstudie wat in 1995 voltooi is, het aan die lig gebring dat tussen 5 en 6 miljoen mense landswyd funksioneel ongeletterd is, met ander woorde, hulle besit nie die bevoegdhe (‘‘competencies’’) van 'n st. 7-leerling nie. Ook het dit aan die lig gebring dat tussen 7 en 10 miljoen mense nie die bevoegdhe het van 'n st. 5-leerling nie (*The Teacher* : 4 Mei 1996).

Baie ouers weet byvoorbeeld nie hoe om 'n kitsbankmasjien te werk nie. Volgens 'n maatskaplike werkster kom semi-ongeletterdheid veral onder die ouderdomsgroepe 16 tot 25 jaar en 35 tot 60 jaar voor.

Wat die probleem nog verder vererger, is die feit dat die Staat en ander instansies meer hul aandag vestig op werkers wat in diens is, liewer as op die werkloses, wat die grootste slagoffers is van ongeletterdheid (*Weekly Mail*, 13 September 1997).

Baie van die gesinne trek finansiell baie swaar, daarom word baie kinders op 'n baie vroeë ouderdom uit die skool onttrek om te gaan werk, teen 'n baie skraal salaris. In ander gevalle word kinders, veral dié wat 'n welsynstoelaag ontvang, op skool gehou sonder enige positiewe motivering van die ouer. Die rede daarvoor is dat indien so 'n leerling uit die skool onttrek word, word die leerling se welsynstoelaag gestaak. In baie sulke gevalle het die leerling alreeds sy ouderdomsperk vir daardie standerd oorskry. Ouers besef ook dikwels nie die waarde van opvoeding nie, aangesien hulle self 'n lae opvoedingsvlak het.

Baie mense het al so verval in 'n kultuur van sukkel en swaarkry, dat hulle geen ideale koester nie. Baie van die mense is doodtevrede met die bietjie wat hulle het. Vir baie is hulle voorland wat werk betref 'n fabriek, waar hulle as gewone arbeiders werk.

Daar word aanvaar dat basiese geletterdheid nodig is om 'n persoon in staat te stel om homself verder te ontwikkel ten einde sy eie ekonomiese en maatskaplike posisie te verbeter (Du Plessis, 1996).

3.8.7 Armoede:

Armoede het 'n geweldige negatiewe invloed op mense se lewens. Armoede kan as die grootste bedreiger van die menslike lewe beskou word (*Die Burger*, 26 Augustus 1996).

Die sosio-ekonomiese leefwêreld van die meeste inwoners van Elsie'srivier word gekenmerk deur armoede wat dikwels ook met geweld gepaard gaan. Kellerman (1995 : 84) noem in hierdie verband dat 'n belewing van armoede versteurde verhoudings veroorsaak, sodat kinders sosiaal nie 'n greep op die werklikheid kan kry nie. Volgens Kruger en Van Rooyen (1987 : 68 - 69) het dit 'n invloed op: - persoonlike verhoudinge: selfvertroue, eie waarde, selfbeheersing, senuweeagtigheid, gesondheidstoestand, ensovoorts;

- huislike verhoudinge: gesinsinvloede en persoonlike vryheid, ensovoorts;
- sosiale verhoudinge: sosialiteit (algemeen), sosiale verhoudinge met teenoorgestelde geslag, sosiale verhoudinge met dieselfde geslag. Die meeste van die inwoners beklee dus 'n swak betaalde werk wat nie stabiel is nie. Baie mense is slegs tydelik of seisoenaal in 'n betrekking aangestel. Gordon (1986: 73)

verklaar: “The interrelationships between legal status, education, socio-economic background, and occupation tends to lock the contract worker into the lower economic strata. These circumstances are in turn transmitted to his children, ... placing the children at a double disadvantage”. Volgens hom speel ekonomiese faktore ‘n baie belangrike rol in die prestasiepatrone van leerlinge.

3.8.8 Onderwysgebreke:

Die volgende inligting wat verkry is omtrent opvoeding en opleiding in die dorp skep ‘n besef van die ernstige onderwysgebreke wat ‘n werklikheid is.

- Baie kinders teen die ouderdom van 7 jaar is nog nie betrokke by ‘n skool nie;
- Die groot getal volwasse inwoners wat slegs laerskoolopleiding ontvang het;
- Volwassenes wat geen onderwys en opleiding ontvang het nie;
- Die groot getal kinders wat met laerskoolonderwys begin en die klein getal wat uiteindelik matriek slaag;
- Die klein getal leerlinge wat vakke soos Wiskunde en Natuur- en Skeikunde neem as vak op matriekvlak.

Een van die grootste faktore wat bydra tot bogenoemde situasie is die onderwysstelsel self. Die onderwys in Suid-Afrika gaan deur ‘n stadium van transformasie wat gepaard gaan met nuwe wetgewing en regulasies. Sommige van hierdie wetgewinge lok geweldige negatiewe reaksies uit. Sommige daarvan word in die Konstitusionele Hof betwis en dit bevraagteken die geloofwaardigheid van die hele Nasionale Opvoedingsbeleid.

Volgens *Die Burger*, 27 Februarie 1997 moet baie onderwysers gereeld behandeling kry weens stres as gevolg van hierdie situasie wat in die onderwys heers.

In Elsie'srivier voel skole ook die druk van die armoedige toestand waarin dit geleë is. Fondsinsamelingpogings en skoolfondsbydraes kom nooit tot hul reg nie, omrede die ouers werkloos is of een van die ouers spoorloos verdwyn het. Ook word by skoolgeboue en klaskamers op 'n gereelde basis ingebreek en geplunder wat dan verhinder dat effektiewe onderwys kan geskied. Verder word die probleem by skole nog verder vererger deur handboeke wat net eenvoudig nooit teruggestuur word nie. Gewoonlik sit 50% van die leerlinge sonder handboeke.

Leerlingdissipline is ook besig om baie vinnig by skole agteruit te gaan. Dit bring mee dat leerlinge ongemotiveerd lewe en leer en die uiteindelijke resultaat is dat groot getalle leerlinge hul betrokke standerd moet herhaal. Leerlinge raak in die proses lui en arrogant.

3.9 **Dienste wat gelewer word deur verskillende agentskappe in die omgewing**

3.9.1 **Diakonale dienste:**

Hierdie agentskap maak voorsiening vir na-skoolse sorg vir leerlinge aan laerskole en voorsien ook verskillende programme wat fokus op die bewusmaking van kinder-seksuele molestering, ouer-vaardighede, krisishantering, voog-ouerskap, aggressie groepe (vir kinders en hulle families) en Alkohol Anoniem groepe.

3.9.2 Suid-Afrikaanse Polisie Dienste (S.A.P.D.):

Die S.A.P.D. het verskillende projekte wat fokus op bewussynsvorming (“image building”), bende bewustheid en gemeenskapspolisiering. Hulle doel is om die Nasionale Polisiebeleid te beklemtoon. Hulle wil ook baie sigbaar wees by skole om as afskrikmiddel te dien teen benderisme. Ook is dit hul doel om polisiepersoneel verdere opleiding te gee sodat hulle tot beter hulp kan wees vir getraumatiseerde mense. Ook is beskermingseenhede op die been gebring wat veral fokus op taxi-geweld. Ook is daar diegene wat verbonde is aan die Sielkunde Departement van die Polisie wat veral fokus op die Post Traumatiese Sindroom. Volgens mev. J. de Villiers van die Sielkundige Dienste van die S.A.P.D. (Onderhoud: 11 Junie 1997), kan baie probleme uit die weg geruim word as slagoffers berading ontvang binne 72 uur na die voorval.

3.9.3 Kaapse Professionele Onderwysliggaam:

Hierdie organisasie reël kampe en daaglikse sessies vir kinders, asook spesifieke programme wat verband hou met verskillende aspekte aangaande kinders wat vir onderwysers moeilik is om aan te spreek en te hanteer. Dienste is dus beskikbaar vir alle skole in die omgewing.

3.9.4 Sosiale Welsyn (Suid-Afrikaanse Weermag: Mediese Dienste):

Hierdie organisasie werk binne die breë spektrum van die Heropbouing en Ontwikkelingsprogram. Ook reël dit programme, wat handel oor lewensvaardighede,

selfbeeld, konflikthantering, poppespele, ouervaardighede en dwelminisbruik. Ook is hierdie organisasie besig om mense in die gemeenskap op te lei of aan te help met hierdie programme.

3.9.5 Katolieke Welsynsontwikkeling:

Die fokus hier is op ontwikkelingsprogramme, bv. Self-help en mishandelde vroue. Dit verskaf ook welsynsdienste aan die gemeenskap. Reël programme vir tieners. Ook word werkwinkels gereël vir opvoeders om sodoende hulle te bemagtig om sake omtrent kindermolestering, tienerswangerskappe, kindermishandeling ensovoort te hanteer.

3.9.6 Parow Opvoedkundige Hulpentrum:

Hierdie sentrum is 'n struktuur van die Sielkundige Dienste Afdeling van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement. Dit bied multi-dissiplinêre hulpverlening aan asook voorkomende strategieë. Ook word daar baie gefokus op programme vir voorskoolse kinders.

3.9.7 Elrabis (Elsiesrivier - Ravensmead - Bishop Lavis Laerskoolkultuurorganisasie):

Hierdie organisasie voorsien aktiwiteite in Drama, Kuns, Musiek, Menslike Beweging en Sport, sodat leerlinge hul vrye tyd meer konstruktief gebruik. So word daar van tyd tot tyd dramas opgevoer, kunsuitstallings gehou, musiekaande gereël. Terloops, die Elrabis- en Tygerberg kinderkoor is twee van die Wes-Kaapse top kinderkore en is internasionaal bekend.

3.9.8 Kuns- en Kultuurforum:

Hierdie forum is 'n subkomitee van die Heropbouing en Ontwikkelingsprogram vir die Elsiesrivierarea, wat glo dat die jeug oor uitstekende potensiaal en talent beskik. Hulle moet dus die geleentheid gebied word om hierdie potensiaal te verwesenlik. Om hierdie rede word daar verskillende sport-, kuns- en musiekfunksies gereël.

3.9.9 NIKRO:

Hierdie organisasie voorsien dienste aan mense wat hulle skuldig gemaak het aan kriminele oortredings. Die programme wat aangebied word, strek gewoonlik oor ses weke. Vir eerste oortreders behels die program gemeenskapsdienste. Ander programme behels leiding in lewensvaardighede, geslag-sensitiwiteitsbewusmaking en ook ondersteuning vir mishandelde vroue.

Volgens Chris Mingo van die Instituut vir Kinder- en Familie Ontwikkeling (onderhoud: 12 Julie 1997) is daar dikwels 'n duplikasie van dienste by die verskillende organisasies. Dit is voorgestel dat hierdie organisasies bymekaar moet kom om dit te bespreek.

3.10 Toekomstige moontlikhede:

Gedurende 'n werkswinkel, gereël deur die Instituut vir Kinder- en Familie Ontwikkeling van die Universiteit van Wes-Kaapland, het verskillende deelnemers hul standpunte gestel en die volgende punte is bespreek:

- Die vraag oor die wyse hoe die mag van die bendes gebreek kan word;
- Voorkoming in die aanbod van lewensvaardighede as vak by skole;
- Vaardighede in goeie ouerskap;
- Beter samewerking tussen agentskappe en organisasies;
- Kerke wat meer betrokke moet raak by die aktiwiteite van die gemeenskap;
- Die fokus van opleiding van die mense binne die gemeenskap;
- Die bewusmaking van kinders dat daar ook ander opsies vir hulle beskikbaar is;
- Die beëindiging van geweld;
- Onderwysers se houding teenoor hulle werk moet verander;
- Die ontwikkeling van trots binne die gemeenskap, die belangrikheid van die individu binne die gemeenskap en jou plig teenoor so 'n gemeenskap ("Civic Pride");
- 'n Tweede kans van opvoeding vir die volwasse gemeenskap.

3.11 Samevatting:

Elsiesrivier is eksemplaries van baie ander voorstedelike gebiede in ons land. Die probleme is slegs die simptome van baie dieperliggende probleme. Die feit dat daar nie in hierdie mense se basiese fisiologiese, fisiese en psigiese behoeftes voorsien word nie, is alreeds 'n wesenlike probleem. Dit gee dus aanleiding tot 'n kettingreaksie van ander probleme.

'n Spesiale poging is nodig om die probleme en agterstand in te haal. Een manier om dit te doen is op die gebied van meer effektiewe onderwys en opleiding. Die bestaande skool- en onderwysstelsel van Suid-Afrika voorsien egter nie voldoende in die gedepriveerde gemeenskappe se agteruitgang en behoeftes nie.

HOOFSTUK 4

'n Hermeneutiese besinning oor die Onderzoek

4.1 Inleiding:

Nadat daar in die vorige hoofstuk 'n eksemplariese studie gemaak is van die agogiese nood in Elsie'srivier, gaan daar vervolgens gelet word op 'n hermeneutiese verwerking van die ondersoek. Volgens Landman en Van Rensburg (1988: 53) is "hermeneuties" afgelei van die Griekse woord hermeneutikos - wat beteken geskool is in vertolking. Ook is die hermeneutiese metode deur Rossouw (1980) op 'n voortrefflike wyse beskryf. Vir die doeleinde van hierdie hoofstuk word daar volstaan met 'n oorsigtelike opsomming daarvan.

Volgens Rossouw (1980:18) is die hermeneutiese probleem een van interpretasie wat vir die verstaner in 'n kommunikasieproses ontstaan. Die hermeneutiese metode stel die navorser in staat om denkend oor die hele saak te werke te gaan.

Om te lewe beteken om te verstaan en te verklaar. Die mens is as geestelike eksistent nie alleenlik by wyse van lees en diskuterings op interpretasie aangewese nie, maar in alle situasies van die lewe.

Die gebruik van persoonlike onderhoude en die inwin van gegewens deur die gebruik van ander empiriese metodes soos vraelyste, kan, hoe nuttig ook al, nog nie voldoende wees om gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot 'n studie in die filosofie van die opvoeding

te finaliseer nie. Die persoonlike herinneringe en ervarings en emosionaliteit wat met individuele gesprekke en vraelyste gepaard gaan, verleen 'n affektiewe kleur daaraan wat nie as afdoende gronde kan dien vir die suksesvolle besluitneming en stellingname deur die navorser nie.

Om 'n eendimensionaliteit van gegewens wat op grond van kwantitatiewe metodes verkry word, te vermy, is dit nodig om die gegewens kwalitatief te beoordeel. Daartoe is dit nodig om die resultate hermeneuties te verwerk. Ooreenkomstig die hermeneutiese werkwysse wat in die geesteswetenskappe algemeen in gebruik is, word die gegewens wat in die verloop van die ondersoek ingesamel is, oorsigtelik beoordeel ten einde dit te kan verstaan en te waardeer, en dit uit te lê (te verklaar). Die "harde" empiriese gegewens (feite) word langs hermeneutiese weg stap vir stap verstaanbaar gemaak. Hierdie hermeneutiese werkwysse kan in die geesteswetenskaplike ondersoek deur empiriese metodes aangevul word maar nie daardeur vervang word nie.

Die herbeklemtoning van die belang van kwalitatiewe navorsing gedurende die afgelope paar dekades, is toe te skryf aan die begryping dat die studie-ontwerp alieenlik begryp kan word in die totaliteit van sy gekompliseerdheid en veeldimensionaliteit. Dit is in teenstelling met die empiriese benadering om die studie fasetmatig in te deel. Geen versameling van feite en statistieke kan opgeweeg word teen die belangrikheid van die hermeneutiese verwerking van die gegewens nie. Die empiriese gegewens kan dien as kontrole van die hermeneutiese werkwysse en sy bevindings.

Die hermeneutiese metode, omdat dit uiteraard 'n element van subjektiwiteit bevat, steun natuurlik swaar op die vermoë van die ondersoeker om die fenomeen wat ondersoek word, en die omstandighede wat daarmee gepaard gaan, te begryp en te kan verstaan.

Ten opsigte van die volwasse-opvoeding stel hierdie metode natuurlik geen geringer eis aan die ondersoeker as wat 'n literatuurstudie en teksinterpretasie doen nie. Die lewensstudie kan eweens 'n interaktiewe struktuur teen die agtergrond van maatskaplik-kulturele verbande (samehange) bied. Hulle bevat hul belangrikheid (betekenis) in hulself en kan interpretend (by wyse van interpretasie) verklaar word.

Die ondersoeker se toerusting om die betrokke aangeleentheid te ondersoek, is ten opsigte van die hermeneutiese metode belangrik. Met die inset van sy hele reeds bestaande persoonlike verwysingsraamwerk word die taak uitgevoer - sy kennis, ervaring, bekwaamheid, insig en vermoë tot deurdenking, het 'n bepalende uitwerking op die sukses van die resultate wat die ondersoeker sal behaal. Dieselfde geld vir sy vermoë tot fyn waarneming, sy ontvangeligheid vir indrukke en sy begrip vir naunes (Du Plessis, onderhoud 22 September 1997).

Daar gaan dus vervolgens gepoog word om 'n opvoedkundige-wetenskaplike verklaring te gee van die ondersoek. Daar gaan dus veral gelet word op die hunkeringe van die mens aangesien dit direk by die noodbelewinge van die mens aansluit.

Langs hierdie weg word gehoop om te kom tot 'n begrip van die volwassene se agogiese nood van begeleiding in Elsiesrivier om sodoende dan in die finale hoofstuk te kom by voortgesette begeleiding van die volwassene tot groter of ryper volwassenheid.

4.2 Algemeen:

Gedurende die mens se bestaan op aarde, benodig hy begeleiding ter wille van die ontsluiting van sy potensiaal, dit wil sê tot 'n beter, suksesvoller mens uitgebou word. Om dit te kan word of bereik, maak hy staat op sy medemens, ook op die vlak van die andragogiese (Oberholzer en Greyling, 1981:30). Dit beteken dat die mens se afhanklikwees van die ander nooit tot 'n einde kom nie.

Die mens voer dus 'n verhoudingbestaan. Daar is 'n sterk verband tussen die mens en alles wat om hom is. Daar is 'n natuurlike eienskap by die mens om alles om hom te verander. Hierdie betrokkenheid is een van saamgaan of weiering daartoe. Oberholzer en Greyling (1981:27) sê "Ons is mekaar se medegangers of teëstanders". Hierdie begrip van saamgaan van die mens vorm die kern van sy bestaan en gee rigting daaraan. Dit werp dus lig op die menslike bestaan.

Wat die agogiese wetenskappe betref, val die klem hoofsaaklik op die saamgaan, om te begelei of om te lei of te vergesel soos Oberholzer en Greyling (1981:28) dit uitdruk "... wedersyds afhanklik van mekaar wees".

Die volwassene is die middelpunt van die samelewing, terwyl die kind in 'n beskermde hoedanigheid staan op weg na volwassenheid. Die kind se motivering om te leer, is gebaseer op sy eie belangstelling en op wat hy vir sy eie ontwikkeling so belangrik beskou. Die volwassene daarenteen is vanuit die sosiale rol wat hy vervul, sy maatskaplike funksie en sy uiteindelijke doel gemotiveer. Die kind leer omdat wat hy leer hy later mag

nodig kry, terwyl die volwassene leer om aktuele probleme in werk- en lewensituasies beter te kan hanteer en om sy posisie te handhaaf of te verbeter, en om kennis onmiddellik toe te pas (Oberholzer en Greyling, 1981:78).

Met betrekking tot die onderhewige studie is dit die taak van die navorser om die resultate van sy ondersoek in 'n begripmatige konteks te probeer verklaar. Dié resultate is sprekend van die besondere aard van die agogiese nood wat in die volwassene in die Elsiesrivier gemeenskap het.

Dit is duidelik dat hierdie agogiese nood grootliks verband hou met die verskynsel van menslike hunkeringe - die hunkering of verlange na die begripvolle bystand deur 'n ander persoon (persone) om dit te probeer bereik wat in die persoon as potensiaal aanwesig is.

Die mens se posisionering in die wêreld word deur onvolmaaktheid en afhanklikheid gekenmerk. Vir 'n meer volkome lewe is hy op die bystand en begeleiding van andere aangewese (Laubscher, 1993:53). Vir baie mense in Elsiesrivier is hierdie hulp nie altyd beskikbaar nie, daarom hunker hy na die ondersteunende begeleiding wat hy alleenlik van 'n medeganger kan kry.

4.3 Definisie van die term hunkering:

Oberholzer en Greyling (1981:88) definieer die term "hunkering" soos volg: "Om te hunker, beteken om te verlang, te wil ervaar, 'n vervulling te smaak, te wil weet, te smag en te dors na sekerheid en gemoedsvrede. Die hunkering kom voort uit die belewings van onsekerheid en onrus aangaande ons eksistensiële gemoedheid met ons onvoltooide

menslike werklikheid. Ons wat mens is, beskik wel oor 'n voltooide menslike vorm, maar met 'n onvoltooide funksie in 'n onvoltooide tyd. Dit is hierdie laasgenoemde tweetal onvoltooidhede en onvoltooibaarhede wat ons met 'n toekoms in sy verborgenheid konfronteer. Dit is hierdie verborge toekomstigheid wat ons so reël belewe en ons so intens laat hunker om die verborge en onverborge te maak. Ons wil weet, want ons moet handel. Immers, die vryheid wat ons is, dwing ons tot die doen van keuses, nie soos ons wil nie, maar soos ons moet. Hierdie wil-weet-sodat-daar-gehandel-kan word-soos dit-moet, is geen vrug van wetenskaplike nuuskierigheid nie, maar die patiese soektog na die onsekere weg waarlangs die eksistensiële nood vanuit die dieptes van beleefde en deurleefde onsekerheid sig ontvou. Die wetenskap kan nou maar eenmaal geen uitsluitelinge gee oor die weg wat ons moet gaan nie. Ewe min kan die tegniek die mens verlos of hom die beloofde utopie bied nie, eenvoudig omdat hy nie vir 'n utopie bedoel is nie".

Dit gaan dus om die betrokkenheid van mense wat mekaar nodig het en om hulp en ondersteuning op mekaar aangewese is. Die mens het dus nood aan 'n medemens. Daar gaan dus vervolgens stilgestaan word by die hunkeringe soos aangegee deur Oberholzer en Greyling wat veral van toepassing is op die gemeenskap van Elsiesrivier.

4.3.1 Die hunkering na menslike behandeling:

Volgens Du Plessis (1996:58) het elke mens 'n behoefte aan 'n medeganger wat eg menslik is. Hy verwag om op 'n eg menslike wyse as medemens raakgesien te word, as medemens ontvang en behandel word. Dit kan alleen geskied indien die ander persoon aan die idee van menswees beantwoord.

Die mens hunker dus na die beleving van menslikheid by sy medemens. Die warme menslikheid van een persoon skuur maklik af op andere sodat hulle geïnspireer sal word om egte menslikheid te beoefen (Laubscher, 1993:55). Die kwaliteit van die intermenslike betrokkenheid hang af van die mate waarin die hoogste graad van die eg menslike daarin gehandhaaf word (Du Plessis, 1996:58).

Du Plessis wys daarop dat daar veral by agtergeblewe gemeenskappe die gevaar bestaan dat daar geestelike skeidings kan kom by wyse van amptelikhede en formaliteite. Dit gebeur veral ten opsigte van ondergeskiktes in rang, posvlak, status of stand waarmee die ander persoon bewus gemaak moet word van 'n gesagsafstand waaraan hy onderworpe is.

Koue amptelikheid en oordrewe bewustheid van mag kan maklik alle spontane menslikheid vernietig. Dit kan mens totaal ongenaakbaar teenoor 'n ander laat (Oberholzer en Greyling, 1981:91 aangehaal deur Du Plessis:1996).

4.3.2 Bereidheid tot beluistering:

Volgens Laubscher (1993:56) dra elke mens iets in hom rond wat hy aan ander wil meedeel; 'n boodskap wat hy wil oordra. Daar is dan die hunkering by die mens om te wil weet of hy in die situasie waarin hy verkeer, raakgesien word en of ander bereid sal wees om te luister na wat hy wil oordra. Die nood om deur 'n ander raakgesien te word, is 'n diepgaande aangeleentheid, want gebeur dit nie, voel die persoon soos 'n indringer wat geignoreer word (Ibid:56). Om iemand nie

te wil raaksien nie, kwes hom in die kern van sy wese; hy word verneder, andere wil nie na hom luister nie. Volgens Oberholzer en Greyling (1981:93) verwerp jy jou medemens as jy nie die tyd wil inruim om na jou medemens te luister nie.

4.3.3 Eerbiediging van menswaardigheid:

Volgens Du Plessis (1996:60) word die erkenning van die waardigheid van die mens bevredig deur die hunkering om die eerbiediging van die essensie van menswees. Elke mens is die draer van 'n waardigheid wat essensieel deel is van sy persoonwees (Ibid:60).

Oberholzer (1968:167) aangehaal deur Du Plessis (1996:60) omskryf die begrip waardigheid soos volg: "Dit dui daardie wese aan wat anders en meer is as wat hy of enigiemand anders ooit van homself of iemand anders kan weet; 'n wese wat meer wil en meer moet as net die bevordering van eie, dikwels selfsugtige belange, 'n wese wat nooit, nêrens en te nimmer as middel tot 'n doel gebruik mag word nie, aangesien dit doel op sigself is, 'n wese wat geen middellike of markwaarde besit en derhalwe nooit verhandelbaar is of waaroor na willekeur beskik kan word nie, en les bes: 'n wese wat aan niemand anders behoort nie en oor wie se doen en late geen slotoordeel deur 'n mens uitgespreek mag word nie".

Dit blyk dus duidelik dat 'n mens op erkenning en ook eerbiediging van sy waardigheid deur 'n ander geregtig is. Volgens Laubscher (1993:57) gebeur dit dat waar die mens se waardigheid geskend word, word die ek-jy-of-ek-u-verhouding

verander tot 'n ek-dit-verhouding omdat die betrokke een in oënskynlik 'n sukk of 'n probleem verneder word. Die mens word verobjektiveer tot 'n probleemgeval, 'n lastige geval, 'n interessante geval, en daardeur word sy waardigheid aangetas (Ibid:58). Oberholzer en Greyling (1981:94) meen deur na die mens as een of ander geval te verwys, 'n vernedering is, en kom op 'n skending van sy waardigheid neerkom.

Die mens se gelykwaardigheid ten aansien van ander mense moet altyd gehandhaaf word, maar terselfdertyd moet sy individuele andersheid en uniekheid raakgesien en behandel word (Laubscher, 1993:59). Laubscher wys tereg daarop dat as persoon hy nie maar net 'n mens onder mense is nie, maar juis hierdie mens in hierdie situasie met spesifieke behoeftes en probleme wat 'n hoogs persoonlike appèl om heel besondere hulpverlening tot sy opvoeder rig (Ibid:59).

Die persoon besit die moontlikheid om te struikel en as gevolg daarvan het hy nood aan sy medemens om hom teen struikeling te steun (Ibid:59). Volgens Oberholzer en Greyling (1981:96) is dit dus nodig dat daar na die mens se nood geluister moet word.

4.3.4 Bewaring van die intimiteit:

Indien steun van die een mens na 'n ander gegee word, is dit nodig dat die nood van die steunsoekende aan die steungewer bekend gestel word (Laubscher, 1993:60). Dis belangrik dat die steunsoekende sy wêreld sal moet oopmaak

(ontskut) sodat sy geheime sake oopbaar word. Niemand kan sieg verken word indien die stungewer weet wat as die wêreld van die stungewende gebeur het (ibid:60). "Om jou wêreld aan 'n ander bekend te maak, beteken om ook jou geheime sake, swakhede en mislukkings aan die ander nie onvermeld te laat nie" (Oberholzer en Greyling, 1981:98). Op so 'n manier ontstaan daar die hunkering dat die intimiteit van die verhouding bewaar sal word.

Volgens Oberholzer en Greyling (1981:99) dui die bewaring van intimiteit op niks anders nie as die sekerheid wat iemand het dat die wêreld wat iemand anders aan hom bekend gemaak het, met niemand bespreek sal word nie. Volgens Laubscher (1993:61) dui die hunkering na die bewaring van intimiteit nie dat byvoorbeeld 'n misdaad verdoensel moet word nie, maar omdat elke mens feilbaar is en gebreke, swakhede en mislukkings het wat te bowe gekom moet word, wil hy nie gedurig daaraan herinner word nie.

4.3.5 Vryheid en simpatieke gesagsleiding:

Volgens Laubscher (1993:61) dui die mens se hunkering na vryheid op niks anders as die reg om te bestaan. Hy gaan verder en verduidelik dat die mens alleenlik geregtig op vryheid is in mate waarin hy verantwoordelikheid en gesag kan aanvaar, en om sy vryheid dus beter te kan benut, hunker die mens na simpatieke gesagsleiding.

4.3.6 Om te word soos hy is:

Wanneer die intimiteit deur die ander bewaar word, lei dit tot dankbaarheid dat sy ontskute wêreld nie aan die groot klok gehang is nie, maar bring verder die wete mee dat die ander hom nie aanvaar het soos hy is nie, maar soos hy kan, moet en behoort te wees (Ibid:62).

So is daar dus 'n hunkering by die mens om nie aanvaar te word soos hy is nie, maar soos hy behoort te wees sodat hy geïnspireer sal word om 'n beter mens te word, dit wil sê, om die mens te word wat hy behoort te wees (Ibid:62). Oberholzer en Greyling (1981:101) sê in die verband: "Deur iemand te aanvaar soos hy is, het ons hom van alle toekomstighede berowe". Die woorde van Goethe word in vertaalde vorm aangehaal. "Wie die mens aanvaar soos hy is, maak hom slegter as wat hy is. Wie hom aanvaar soos hy behoort te wees, inspireer hom tot wat hy kan wees. Wie die mens behandel asof hy reeds is wat ons wil hê dat hy moet wees, het hom reeds onderweg na wat hy behoort te wees, gelei" (Laubscher, 1993:62). Handhaaf dus die goue reël, moenie iemand aanvaar soos hy is nie. Elke mens het en besit potensiaal. Iemand wat aanvaar word soos hy is, word van alle toekomsverwagtinge beroof.

4.3.7 Die betekenisvolheid van die mens se bestaan:

By die mens is daar 'n voortdurende hunkering na 'n bestaan waar hy nog nodig is en waar hy nog goed genoeg beskou word om 'n bydrae te lewer. Dit kom

daarop neer dat elke mens nog wil voel dat hy belangrik is. Die mens besit 'n vrees dat hy geëvalueer en te lig bevind mag word (*Ibid*:63). Die mens hunker dus, veral gedurende die periode van die laat volwassenheid, om te wil weet of ander mense hom as oorbodig beskou. Om iemand te laat voel dat hy oorbodig is, is een van die wreedste dinge wat 'n mens kan tref. Volgens Oberholzer en Greyling (1981:102) beteken dit dat die mens nie meer bruikbaar is nie, tweedehands en tweederangs is en dat hy nie alleen verobjektiveer en daarmee gedegradeer word nie, maar ook van sy waardigheid berowe is.

Die mens is 'n wese wat self graag iemand wil wees en om dit te kan wees, wil hy 'n betekenisvolle rol vervul.

4.3.8 Die soeke na geborgenheid:

Volgens Kellerman (1995:27) het die mens kennelik 'n hunkering om êrens tuis te behoort waar hy veilig en geborge kan voel.

Volgens De Vries, aangehaal deur Laubscher (1993:65), is die kind vanaf geboorte aangewese op die ouer om die noodsaaklike geborgenheid aan hom te bied. Soos die kind ouer word en volwassenheid nader, word hy vanweë sy groter selfstandigheid al hoe minder van die ouer afhanklik. Hy bly egter nog steeds aangewese op die medemens om vastigheid aan sy bestaan te bied. Hy gaan allerlei verhoudings met ander aan en soek sekuriteit in vriendskappe, kontrakte, vennootskappe, ooreenkomste ensovoorts. In die gedurige veranderende samelewing

bereik hy egter nooit die verlangde staat van volkome geborgenheid nie, en kom hy tot die besef dat daar in hierdie wêreld niks is waarin hy volkome geborgenheid kan bereik nie. Sy lewe lank bly hy egter hunker na geborgenheid. In sy hunkering na geborgenheid bly hy egter altyd op sy medemens aangewese.

Omdat die toekoms verborge is, is daar 'n hunkering by die mens na beveiliging en beskerming vir watter die een mens dit aan 'n ander kan bied.

4.3.9 Selfverwesenliking:

Dit is 'n wesenlike feit dat die mens daarna hunker om homself te verwesenlik, met ander woorde om daardie persoon te word wat hy in die vermoë is en self verkies om te word (Laubscher, 1993:67). Om hierdie ideaal te bereik, het die individu die simpatieke oor, die hulp en die begeleiding van 'n medemens nodig. Geen mens is by die bereiking van volwassenheid selfverwesenlik nie (Ibid:67). Selfverwesenliking bly 'n lewenslange hunkering wat inderdaad nooit bevredig word nie.

4.3.10 Die hunkering om aanvaar te word (aanvaarding):

Volgens Haasbroek (1982:70) is daar by die mens 'n hunkering om te wil weet of hy deur die ander aanvaar word. Sonder aanvaarding is die agogiese gebeure nie moontlik nie, want as mense mekaar eers aanvaar, is daar 'n moontlikheid vir 'n agogiese gebeurtenis (Laubscher, 1993:68).

Volgens Du Plessis (1996:64) is dit nie moontlik om iemand te begelei, sonder om daardie persoon te aanvaar nie. Dit beteken ook dat die persoon aanvaar moet word soos wat jy hom aan die begin van sy bemoeienis aantref; met al sy tekortkominge, onvolmaaktheid ensovoorts. Volgens Laubscher (1993:68) beteken dit ook dat mense wat mekaar aanvaar se lewenswyses word gekenmerk deur gesindhede soos: ondersteuning aan mekaar, verdraagsaamheid, medemenslikheid, vriendelikheid, beleefdheid en hartelikheid teenoor mekaar en hulle besit die vermoë om menseverhoudinge aan te knoop.

4.3.11 Liefde as antwoord op hunkering:

Wat die hunkeringe van die mens in die agogiese verband betref, is dit van absolute belang dat die begeleier 'n besondere kwaliteit van gesindheid ten opsigte van sy afhanklike begeleide moet openbaar. Hierdie gesindheid word die beste beskryf deur die begrip liefde (Du Plessis, 1996:72). Hy verduidelik verder dat die liefde gedefinieer kan word as 'n positiewe standhoudende gesindheid van een persoon teenoor 'n ander of andere waarin die belange van die ander (die wat liefgehe) voorop gestel word. Dit gaan om omgee. Die ander persoon se belange en waardigheid word beskerm sonder om iets daarvoor terug te verwag, met ander woorde 'n onbaatsugtige dienslewering (Ibid:72).

Die Westerse beskawingsgeskiedenis het oor die afgelope tweeduisend jaar ontwikkel in die lig van die Christelike evangelie met liefde as die sentrum daarvan. Volgens die apostel Paulus is dit die liefde wat ware betekenis aan die

mens se lewe gee.

In 1 Korinthiërs 13 word dit duidelik uiteengesit : "Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik, dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie terek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles".

Die meeste van die hunkeringe hier ter sake, kan ondervang word deur die gesindheid van liefde (Ibid:74).

4.4 Samevatting:

Om ware begrip te hê vir die agogiese nood van mense in Elsiesrivier, is die kennis van die hunkeringe van die mens vir die opvoeder op alle vlakke van die agogie as medemenslike begeleiding van kardinale belang.

Dit beteken egter dat die skepping en onderhouding van 'n gelukkige en stabiele samelewing vereis dat die eg menslike hunkeringe erken en respekteer word. In die geval van Elsiesrivier het die menslike hunkeringe 'n besliste uitwerking op die gemeenskap. Daar heers byvoorbeeld 'n toestand van algemene ongelukkigheid, en dis juis om diè rede waarom die gebied sit met allerhande maatskaplike vraagstukke. Vir sommige in diè gemeenskap is hulle nie meer seker wat die oorsaak van hul gevoel van ongelukkigheid

en die heersende maatskaplike vraagstukke is nie. Ander weer, (dit het beslis na vore gekom met die onderhoude met sommige mense in die gemeenskap) sou dit toeskryf aan konkrete oorsake.

Volgens Du Plessis (1996:75) kan 'n heersende toestand van mense met 'n vae bewuswees van ontevredenheid met hul bestaande lot en omstandighede, met 'n swak selfbeeld en 'n gevoel van minderwaardigheid, op die langer duur lei tot 'n gemeenskap of samelewing waarin allerlei misstande heers, waarin onmenswaardige norme geld en menswaardigheid onderling deur individue aangetas word. Dit het beslis gebeur in die geval van Elsie'srivier.

Volgens Du Plessis (1996:76) is dit belangrik dat die hunkeringe van die mens identifiseer word ten einde dit in die opvoeding te verreken. Op so 'n manier kan die opvoeder dus medebouer word aan 'n gelukkige, stabiele en florerende samelewing.

Dit is om hierdie rede waarom daar in hoofstuk 5 gekyk word na voorstelle tot die verligting van die agogiese nood met spesifieke verwysing na gemeenskapskolleges.

HOOFTUK 5

Riglyne vir die moontlike bekamping van die agogiese nood met spesifieke verwysing na Gemeenskapskolleges:

5.1 Inleiding

In die vorige hoofstukke van dié studie is gewys op:

- * die agogiese nood wat wêreldwyd by mense voorkom, maar by spesifieke gemeenskappe op 'n besondere, unieke wyse manifesteer.
- * die verband wat bestaan tussen die agogiese nood en die hunkering van menswees.
- * die besondere gesteldheid van die agogiese nood in die Elsiesrivier gemeenskap.

In hierdie hoofstuk word gefokus op moontlike wyses waarop die agogiese nood in die Elsiesrivier gemeenskap verlig kan word. In hierdie verband word die rol wat gemeenskapskolleges ten opsigte van agtergeblewe gemeenskappe in die algemeen, en in Elsiesrivier in die besonder, kan speel, onder die soeklig geplaas.

Suid-Afrika is een van daardie lande wat beskik oor ontwikkelde sowel as ontwikkelende gemeenskappe. Tiperend van die onderwys van 'n ontwikkelende land is sy lae, maar ook steeds groeiende deelnamekoers, hoë uitsaksyfers, 'n tekort aan voldoende gekwalifiseerde onderwysers en oorbesette fasiliteite (Flanders, 1995:31).

Ook is die staat nie in staat om in die vraag na onderwys te voorsien nie, en dit gee aanleiding tot 'n kettingreaksie van ander probleme.

Die agterstande wat in die ontwikkelende gemeenskappe opgebou het, moet as deel van die onderwysvernuwing reggestel word. Daar gaan dus kortliks verwys word na die verskeie kategorieë van agterstande wat in die onderwys onderskei word (The Teacher, 1997:14).

- Die breë sosio-ekonomiese agterstande wat 'n invloed op die onderwys kan hê. Byvoorbeeld ekonomiese en behuisingsagterstande dra by tot die gebrek aan 'n bevredigende leerkultuur.
- Tekorte aan fisiese onderwysfasiliteite. Om onderwysprobleme oor die algemeen op te los, is die uitwissing van agterstande van absolute belang.
- Die gehaite van die onderrigproses as sodanig en die geleenthede tot betrokkenheid by die onderwys vir die ouergemeenskap.

Oplossings moet dus gevind word om die onderwysstelsel vir die meerderheid Suid-Afrikaners aanvaarbaar te maak, sodat hulle begrip en steun daarvoor verkry kan word.

Dit moet egter ook in gedagte gehou word dat daar geen kitsoplossing vir die situasie is nie, want 'n onderwysstelsel kan nie oornag verander nie. Suid-Afrika maak deel uit van die Derde Wêreld en Du Plessis (1996:163-169) wys daarop dat om die probleme van die derde wêreld aan te spreek, moet daar weer opnuut en kreatief gedink word aan sy probleme, sonder om noodwendig vas te hou aan die beproefde wyses van onderwys - voorsiening soos in die ontwikkelde lande.

5.2 Moontlike voorstelle tot die verligting van opvoedkundige nood:

Die bestaande skool- en onderwysstelsels van Suid-Afrika kan nie voldoende voorsiening maak vir agtergeblewe gemeenskappe se agteruitgang en behoeftes nie (Carnoy & Sanoff: 1990). Kellerman (1995:128) wys tereg daarop dat onderwys- en leergeleenthede uitgebrei behoort te word om ook informele, nie-formele en kompensatoriese onderwys in te sluit. Pretorius (1987:14) aangehaal deur Kellerman beweer dat gedepriveerde gemeenskappe nie deur 'n enkele of selfs kategorie van programme opgehef word nie.

Dit is dus van absolute belang dat gedepriveerde gemeenskappe se opheffingsprogramme 'n groot aantal algemene en spesifieke opheffende opleidingsprogramme moet insluit. Volgens die *Presidentsraadvorsing* (1984:13) beteken "kategorie" alle vorme van nie-formele onderwys wat afgestem is op die bevordering en verbetering van lewenskwaliteite vir die totale gemeenskap, ten aansien van 'n breë verskeidenheid van behoeftes soos ten opsigte van fisiologiese, emosionele, sosiale, sekuriteit, status en selfverwesening. Nie-formele onderwys is as gevolg van sy besondere soepel moontlikhede by uitstek geskik om te voorsien in die besondere behoeftes van spesifieke gemeenskappe (Du Plessis, 1996). Ook verklaar Van Loggerenberg dat "*Non-formal provision is directed towards literacy, induction, in-service training, retraining, support programmes ... ad hoc needs, a second chance for those who either never entered the formal system or left it early, upgrading of individuals with inadequate educational levels so that they can re-enter the formal system, satisfying the demand for leisure time activities that can be carried out with a minimum of preparatory instruction*" (Du Plessis, 1996:164).

Pretorius (1987:106) wys ook tereg daarop dat die verligting aan die nood omvattende kompensatoriese strategieë moet insluit waarby die talle opvoedkundig en maatskaplike hulpvennote en -aksies betrokke moet wees. Volgens hom moet hierdie strategieë gerig wees op die kind, skool, die gemeenskap, die sakewêreld asook private ondernemings.

Een van Suid-Afrika se grootste probleme is die snelle bevolkingsgroeï. Jordaan (1991:19) wys daarop dat al hoe meer jongmense volwassenheid bereik sonder dat hulle enige skoolopleiding of slegs primêre skoolopleiding ontvang het. Bevolkingsgroeï kan beslis as een van die grootste enkele faktore beskou word wat die mense lewe bedreig (LUR vir Onderwys: Olckers, 17 April 1997).

'n Groot probleem in gemeenskappe in gedepriveerde areas is die feit dat baie van die leerlinge die skool te vroeg verlaat sonder dat hulle enige werkvaardige of kwalifikasies van een of ander aard verwerf het waarmee kos verdien kan word. Uiteindelik gaan dit tog alles oor opvoeding. "Voed 'n man op, en hy kan homself voed" (Gesprek met Kellerman: 22 Julie 1997). Ook belangrik is die feit dat baie van diegene wat die skool vroeg verlaat, reeds as volwassenes geklasifiseer word, wat nog verder druk op onderwys plaas.

Gedepriveerde gemeenskappe gaan hand aan hand met ontoereikende ouerskap. Die gesin het as die belangrikste opvoedingsinstitusie misluk as gevolg van verskillende faktore soos armoede, werkloosheid, dwelms, alkohol misbruik ensovoorts (LUR vir Onderwys: Olckers, 17 April 1997).

Omdat agterstande gepaard gaan met ontoereikende ouerskappe en die ouer die draer van die gesin en die sentrale fokuspunt van 'n gemeenskap is, is daar dus 'n groot nood by ouers of volwassenes sover dit opvoeding betref.

Dit word aanvaar dat volwassenes, net soos kinders, die reg tot leer het. Volgens die World Education Report van 1991 van Unesco vorm die jeug maar slegs 'n gedeelte van die "education for all". Volwassenes, veral die wat ongeletterd is, verteenwoordig die ander gedeelte.

Dit is van absolute belang dat lewenslange leer beklemtoon moet word, want dit stel die mens in staat om homself te ontwikkel en aan te pas by verandering.

5.3 Voorstelle tot die verligting van opvoedkundige deprivasie

5.3.1 Lewenslange onderwys en voortgesette onderwys

Lewenslange onderwys dui op die organisatoriese en didaktiese struktuur, asook op die strategieë wat leer toelaat om plaas te vind vanaf die kinderjare tot volwassenheid (Sutton in Husen & Postlethwaite, 1994:3416).

Die individu is altyd agogies sorgbehoewend. Hy moet daarom in elke fase van sy agogiese ontwikkeling opvoedkundig ondersteun word (Du Plessis; 1996:166). Volgens die Nepi-verslag (1993:9) sluit lewenslange onderwys formele, nie-formele en informele leer in, wat dwarsdeur die individu se lewensduur plaasvind. Dit stel die individu in staat om die volste moontlike ontwikkeling in sy persoonlike, sosiale en professionele lewe te

behaal.

Onderwys moet lei tot die skep van beter beroepsmoontlikhede wat weer aanleiding gee tot die vorming van die persoonlikheid en dus tot vollediger volwassenheid (Du Plessis, 1996:166).

Dolff (Du Plessis, 1996:167) wys tereg daarop dat die tradisionele opvatting dat die lewe in twee fases verdeel kan word, word al hoe meer vervang deur die begrip dat georganiseerde leer nie beperk is tot die aanvanklike leerfase op skool nie. Dit is egter nodig dat, in Derde Wêreldse omstandighede, voortgesette onderwys as 'n opvoedkundige domein aanvullend tot die verpligte skoolonderwys ingestel word.

Voortgesette onderwys verwys hoofsaaklik na onderwys wat plaasvind na basiese onderwys voltooi is (Sutton in Husèn & Postlethwaite, 1994:3416). Voortgesette onderwys as die voortsetting of hervatting van die georganiseerde leerproses vorm dan 'n omvattende, inter-verbode en geïntegreerde leerproses met die voorskoolse en skoolonderwys programme.

Volgens Du Plessis (1996:167-168) het daar in agtergeblewe gemeenskappe, die vraag na lewenslange onderwys en opvoeding 'n veel dringender karakter aangeneem. Die instelling van basiese, algemeen-vormende onderwys is wat hierdie gemeenskappe betref, nie suksesvol om die individu voldoende voor te berei vir 'n suksesvolle volwassenheidslewe nie. Dit kom daarop neer dat die skool alleen dus nie meer in staat is om in die leerbehoefte van mense te voorsien nie. Daar moet dus gesoek word na 'n

ander soort onderwys en opvoeding wat in hierdie leemte kan voorsien. Dit moet beide remediërend kan inwerk om die agterstande in te haal en die individu die nodige agogiese bystand vir 'n lewe van selfhandhawing binne die veranderende samelewing te bied.

5.3.2 Nie-formele Onderwys

Volgens Berkhout en Bondesio (1992:53) kan nie-formele onderwys ingestel word om die onderwysbehoefes van 'n bepaalde groep mense op kort termyn te bevredig. Dit beteken ook nie dat hierdie tipe programme op 'n gereelde grondslag aangebied word nie, en is ook nie noodwendig ingestel op die verwerwing van nasionaal erkende onderwyskwalifikasies nie. Nie-formele onderwys kan in *drie* kategorieë ingedeel word, nl.:

- nie-formele basiese onderwys wat probeer om mense te help om ontbrekende kwalifikasies te verwerf;
- nie-formele beroepsgerigte onderwys en vaardigheidsopleiding wat na onderwysprogramme verwys wat die opheffing en ontwikkeling van 'n gemeenskap ten doel stel;
- nie-formele onderwys vir vryetydbesteding wat na programme verwys wat gerig is op effektiewe vryetydsbesteding (*Ibid*:53)

Volgens Du Plessis (1996:164) is die teikengroep vir hierdie soort onderwys meestal persone wat reeds biologiese volwassenheid bereik het. Hulle benodig egter basiese onderwys, die soort inhoude wat hulle reeds in hulle kinderjare moes geleer het. Dit kom daarop neer dat dit gaan om basiese geletterheid, die vermoë om te lees, te skryf en

berekeninge in terme van syfers uit te druk.

Die groot behoefte aan nie-formele onderwys in Suid-Afrika word beklemtoon deur die hoë persentasie ongeletterdes, die hoë uitsaksyfer asook die behoefte aan nie-formele onderwys vir diegene wat Standaard twee behaal het, maar nie Standaard agt bereik het nie (Dostal: 1984:21).

Wat die kurrikulum van hierdie tipe onderwys betref, moet die behoeftes van die individu en die gemeenskap van die bepaalde tyd en omstandighede in aanmerking geneem word.

5.3.3 Afstandsonderrig

Torsten Husen en Postlethwaite (1985:1432) definieer afstandsonderrig soos volg:

"Education which either does not imply the physical presence of the teacher appointed to dispense it in the place where it is received, or in which the teacher is present only on occasions or for selected tasks."

Volgens Wyngaardt (1993:11) dek afstandsonderrig 'n wye veld, daarom kan dit effektief toegepas word om te help met die agtergeblewenes. Dit is ook meer koste-effektief as die formele onderwys en kan dus beter toegepas word om die agtergeblewenes te help.

Luidens 'n toespraak deur destydse Minister van Nasionale Opvoeding, P. Marais, 7 September 1997, is 'n koöperatiewe poging nodig vir die verbetering van onderwys. 'n Ontleding van sy toespraak dui daarop dat hy meen dat sommige van die mees tergende

probleme in ons land se huidige onderwysvoorsiening by wyse van afstandonderrig doeltreffend aangespreek kan word. Hy noem dat afstandonderrig kan help met die volgende:

- Die basiese opvoeding vir 'n groot aantal kinders van skoolgaande ouderdom wat om een of ander rede nie 'n skool kan bywoon nie.
- Die basiese opvoeding vir groot aantal ongeletterde of semi-geletterde volwassenes
- Die verbetering van die kwaliteit van opvoeding wat tans plaasvind.
- Die skep van gelyke opvoedkundige geleenthede.

5.4 Gemeenskapskolleges

5.4.1 Die Gemeenskapskollege

5.4.1.1 Wat is die funksies van die Gemeenskapskollege?

Dit maak nie saak watter verskeidenhede gevind word tussen verskillende Gemeenskapskolleges nie. Hierdie kolleges is gemeenskapsbaseerd en fokus plaaslik (Strydom, Bitzer en Lategan; 1995:3). Die gemeenskapskollege is veral bekend vir sy filosofie om almal in 'n gemeenskap te dien (ras, geslag, geloof, taal, opvoedkundige behoeftes).

"The colleges are regarded a critically needed resource for employees of business, industry and government in the USA for that country to remain competitive in the global economic race (American Association of Community Colleges 1993:6)".

Die feit dat hierdie kollege altyd probeer om die gemeenskap se behoeftes te bevredig het egter gelei tot 'n wye aanvaarding van gemeenskapsdienste as 'n belangrike funksie van hierdie instansie van hoër onderwys (Herlacher; 1989:150).

Gemeenskapskolleges word deur studente gebruik ter voorbereiding vir werkgeleenthede of bevordering. Dit is om dié rede dat Gemeenskapskolleges ook na vore tree as "people's colleges" soos hulle oorspronklik bekend gestaan het (Vaughan; 1989:15).

Adelman (1992:22-23) beskryf *drie* funksies van Gemeenskapskolleges:

- "The community college has an occasional role. This means that the institution easily accommodates a variety of decisions to engage in intentional learning within a formal organisation. An institution capable of an occasional role must be very flexible, tractable and penetrable.
- The community college functions as an intermediary institution a way-station or stepping stone or gap-filter for individuals in transit from one status to another.
- The community colleges casts the role of "testing ground". That is, the institution provides individuals with a chance to increase their tolerance for and interest in post-secondary education".

Die verlengde missie verklaring van 'n navorser (Gleaser, 1980:16) beskryf die verskillende funksies van die gemeenskapskolleges baie goed: "*The encourage and facilitate lifelong learning, with community as process and product*".

Bogenoemde verklaring bring mens dus by die karakteristieke aard van gemeenskapskolleges.

5.4.1.2 Die Karakteristieke aard

Shippey (Kellerman, 1995: 178) noem dat aan die begin van die 20ste eeu en met die ontstaan van die junior staatskolleges, het die Junior Kollege 'n verandering ondergaan. Daar was al hoe meer 'n verskuiwing na gemeenskapsbetrokkenheid en 'n groter samewerking met die handel en nywerheid sodat die kolleges verander het van die voormalige eksklusiewe, duur, beperkte, private sektor, in 'n gemeenskapskollege met 'n komprehensiewe funksie.

Cohen en Brawer (1987:4) verwys na hierdie tipe kollege as die kollege van die tweede kans, om diegene wat om een of ander rede nie die geleentheid gehad of benut het nie, nog 'n geleentheid te bied. Ook praat Cohen en Brawer (1987:4) van hierdie instansie as die "skepper van geleentheid" vir alle soorte mense en individue.

Volgens Gleaser 1980:5 is die Amerikaanse Gemeenskapskollege baie buigbaar in hul werkswyse. Volgens Cohen en Brawer (1987:2) het die kolleges vir die

volgende versorg: *"Occupational programmes were organised for students seeking job entry. Massive remedial programmes were installed for students who could not read. Courses were offered at the students' convenience, day and night on campus and off. Post academic sins were forgiven as the college accepted students who had done poorly in high school or in prior college studies"*. Gleaser (1980:5) wys tereg daarop dat hierdie kolleges altyd bereid is om te verander soos die gemeenskappe verander na gelang van omstandighede, uitdagings ensovoorts. Deur dié buigsame ingesteldheid van gemeenskapskolleges is dit moontlik om enige gemeenskapsbehoeftes aan te spreek.

Ook word die personeel van hierdie kolleges aangemoedig om nuwe moontlikhede te ontdek en te ontgin.

Die nukleus van die gemeenskapskolleges bestaan word deur die volgende hoofkenmerke gekenmerk (USAID; 1996:11):

- **Developmental:** to ensure that the student acquires transitional skills to be able to perform college level work
- **Transfer/articulation:** to ensure that the school's curriculum is comparable to that of four-year colleges so credits are transferable to the institutions
- **Vocational:** to ensure that students are able to acquire vocational training which will enable them to secure employment.

Gemeenskapskolleges word ook beskryf as "open-door"- kolleges (Du Plessis, 1996) Volgens Cohen en Brawer (1987:2-3) het gemeenskapskolleges die vryheid om enige student tot die kollege toe te laat, ongeag sy bepaalde omstandighede, ook diegene wat nie deur enige ander sisteem gehelp kan word nie. Ook word die kollege gekenmerk as 'n instansie wat geweldige klem plaas op die sukses op die "exit level" eerder as die tekorte aan kwalifikasies by die "entry point" (USAID, 1996:13).

As gevolg van die funksies en kenmerke van Gemeenskapskolleges, is dit duidelik dat die student wat so 'n kollege bywoon, 'n sekere profiel het. Dit is dus belangrik om te kyk na wie die gemeenskapskollege studente is.

5.4.1.3 Die Gemeenskapskollege student

Warren (1989:215-221) kategoriseer Gemeenskapskollege studente in die V.S.A. as hoofsaaklik dames, volwassenes, deeltydse studente van verskillende ouderdomme en etniese minderheidsgroepe. Wat Suid-Afrika betref, sal daar twee kategorieë bygevoeg word, naamlik jeug wat nie meer skoolgaande is nie asook werklose volwassenes, terwyl die klem eerder op die etniese meerderheidsgroepe en nie minderheidsgroepe, soos in die geval van V.S.A. nie, sou val.

5.4.1.4 Samevatting

Dit is dus duidelik dat Gemeenskapskolleges reg van die begin van hul

bestaan in die V.S.A. suksesvol was. Dit het dus 'n erkende plek as volwaardige onderwysinrigting in die onderwysbedeling verwerf (Kellerman; 1995:187). Dit het sy erkenning verdien op grond van die suksesvolle wyse waarop dit voorsien in 'n bepaalde nood aan opvoedkundige bystand wat by 'n aansienlike deel van die Amerikaanse bevolking bestaan, veral diegene uit die agtergeblewe gemeenskappe wat nie by die konvensionele onderwysinrigtings kan baat vind nie.

5.5 Die betekenis van Gemeenskapskolleges vir Suid-Afrika

5.5.1 Inleiding

Dit is vanselfsprekend dat die Amerikaanse stelsel van Gemeenskapskolleges nie direk oorgedra kan word na Suid-Afrika nie, maar dit is tog nodig om dié model te analiseer om sodoende moontlike oplossings te vind vir behoeftes wat daar bestaan in onderwys en opleiding waarvoor daar nie voldoende voorsiening gemaak word in bestaande instansies nie. In die eerste plek, neem die huidige post-skoolstelsel in Suid-Afrika nie die behoeftes van gemeenskappe, veral dié in agtergeblewe gebiede in aanmerking nie. Neem Elsievier as voorbeeld. Ook neem dit nie die gebruikmaking van menslike potensiaal in gemeenskappe in verhouding van die behoeftes van handel en industrieë, in aanmerking nie (USAID; 1996:13).

Dit is dus nodig om druk uit te oefen op nasionale en provinsiale regeringstrukture vir die gebruikmaking van huidige sowel as ongebruikte infrastrukture, byvoorbeeld onderwyskolleges, tegniese kolleges, vaardigheid opleidingsentrums asook

gemeenskapsentrum fasiliteite wat pas by die Gemeenskapskollege konsep (*ibid* 13).

Professor Sibusiso Bengu, Minister van Onderwys, het op 'n nuuskonferensie gesê : "*In order for a country to be internationally competitive, its education and training system should be compatible with those in the rest of the world*".

5.5.2 Die Witskrif oor Onderwys en Opleiding

Die Witskrif het die afwesigheid van 'n ware nasionale onderwysstelsel in Suid-Afrika as 'n belangrike probleem geïdentifiseer. Ook bevat dit redes vir die noodsaaklikheid van onderwystransformasie in Suid-Afrika.

- Daar is tans 'n sterk klem op ekonomiese groei en werkskepping. Suid-Afrika vorm deel van 'n globale ekonomie en dus moet ons in staat wees met ander lande vir 'n deel van die **wêreldmark mee te ding**.
- Die Arbeidsbeweging is van mening dat jongmense vir werkloosheid opgevoed word, daarom eis hulle dat jongmense toegerus word om in die arbeidsmark mee te ding wanneer hulle die skool verlaat. Om dië rede beklemtoon die Witskrif die **integrering van onderwys en opleiding**.

Volgens die Witskrif (1995:32) is daar "een institusionele innovasie wat die Ministerie graag spoedig wil laat ondersoek" en dit is gemeenskapsonderwys sentrums. Volgens die Witskrif (1995:32) is daar reeds prototipes van sulke sentrums in bedryf in sommige Suid-Afrikaznse gemeenskappe. Volgens die Minister van Onderwys (25 Mei 1995): "*The*

White paper represents only the first steps towards a new system

Omdat die gemeenskapskolleges konsep vir Suid-Afrika taamlik nuut is, moet die klem nie so seer val op die sukses van hierdie tipe kollege vir ons land nie, maar hiewer op die betekenis van so 'n stelsel vir Suid-Afrika.

5.5.3 Die betekenis van gemeenskapskolleges vir Suid-Afrika

In Suid-Afrika kan gemeenskapskolleges 'n hele aantal betekenis hê wat die volgende insluit:

- Om studente toe te rus met post-sekundêre en beroeps kwalifikasies
- Om remediërende werk te doen veral op die gebied van Wetenskap en Wiskunde
- Om te funksioneer as 'n volwasse onderwysinstansie
- Die voorbereiding van studente vir universiteits studies (Stuart; 1992:14)

Kellerman (1995:355) wys ook tereg daarop dat gemeenskapskolleges 'n opvoedkundige tuiste moet bied aan daardie deel van die bevolking wat buite die normale staatsvoorsiene onderwysstrukture staan. Hulle sluit persone in bo die ouderdom van skoolpligtigheid, van wie die meeste ongeletterd, half geletterd, onopgelei (ongeskoold) vir 'n werk en onbekwaam is om van die geleentheid wat die samewerking aan die normale volwassene bied, suksesvol gebruik te maak. Dit is belangrik dat hierdie persone op enige ouderdom en met of sonder enige formele kwalifikasie tot die gemeenskapskollege kan toetree. Wanneer hulle 'n afdoende kwalifikasie behaal het, moet hulle tot die hoofstroomonderwys se instellings kan toetree en by onderwysprogramme kan inskakel

wat lei tot formele onderwys kwalifikasies (*Ibid*:355).

5.5.4 Die NEPI-verslag oor Post-Sekondêre Onderwys

In drie verslae van die "National Education Policy Investigation" (NEPI) word daar egter verwys na Gemeenskapskolleges.

In die verslag oor Post-sekondêre onderwys (NEPI:1992) word daar melding gemaak van 'n nuwe of 'n getransformeerde kollege sektor (community and/or bridging colleges) tot die post-sekondêre onderwysstelsel as 'n komponent van enige toekomstige post-sekondêre onderwysbeleidstruktuur (NEPI; 1992:118-119).

Die **Framework Report** (1993) wei ook uit oor die konsep van Gemeenskapskolleges. Dit verwys na 'n oorbruggingskollege wat gelykheid sal versnel deur 'n bykomende kanaal wat tot post-sekondêre onderwys sal voorsien vir diegene wat moontlik post-verpligte skoolkwalifikasies kortkom. Mohamed & Daniels (1993:1) se siening oor die NEPI-verslag en gemeenskapskollege " *Although NEPI has not yet formulated a definite policy on community colleges, NEPI regards it as the primary function of the community college, to offer vocational education and basic education programmes*".

Ook word enkele idees van die NEPI-verslag wat betref gemeenskapskolleges as volg opgesom deur Mohamed en Daniels:

and output". Volgens hulle moet daar dus geen diskriminasie wees wat betref geslag, ras of klas nie.

- Ook moet dit duidelik wees dat gemeenskapskolleges nie plaasvervangers is vir die akademiese ondersteuning en oorbruggings programme van universiteite kan wees nie.

Mohamed en Daniels (1993:5) som dus die NEPI-verslag oor gemeenskapskolleges as volg op :

"The NEPI model for the community college sector and the post-secondary education system as a whole emphasises equity as a goal ... it provides useful guidelines for the development of a college system, which takes redress and the creation of equality seriously."

5.5.5 Die doelstellings van die Gemeenskapskollege

Volgens Kellerman (1995:356) moet Gemeenskapskolleges die volgende doelstellings nastreef, hoewel dit nie as staties beskou moet word nie:

- Voorsien "lae vlak" kursusse wat vir oorplasing en opwaartse mobiliteit in aanmerking geneem kan word.
- Om gestruktueerde onderwys-, opleidings- en ontwikkelingsprogramme daar te stel wat genoegsame geleenthede vir studente bied om suksesvol te kan wees.
- Bied geselekteerde beroepsgerigte kursusse en programme aan wat uitloop op onmiddellike indiensneming.
- Voorsien en koördineer algemene onderwys en beroepsgerigte onderwys geleenthede om by studente se aanlegte en belangstellingsvelde aan te pas.

- Voorsien en koördineer algemene onderwys en beroepsgerigte onderwys geleenthede om by studente se aanlegte en belangstellingsvelde aan te pas.
- Voorsien algemene onderwysmoontlikhede wat die individuele sosiale multikulturele en intellektuele kennis en prestasie sal omspan.
- Voorsien reekse studentediens te ter ondersteuning sodat studente kan ontluik en behoorlike doelwitte nastreef.
- Bied geleenthede aan studente wat insluit: sosiale, kulturele, multikulturele en ontspanningsaktiwiteite wat kan lei tot leierskapsontwikkeling, selfbeeldontwikkeling, spanwerk, sosiale deelname, burgerskap, verhoudingsbou en tydbenutting.
- Bied voortgesette onderwysprogramme en gemeenskapsdiens programme aan wat kan bydra tot ekonomiese ontwikkeling van die individu sowel as die area, streek of gebied. Dit kan ook insluit: persoonlike verrykingsgroeï, oplossings vir maatskaplike hindernisse of enige geïdentifiseerde behoefte deur die gemeenskap.

Kellerman (1995: 278) wys ook tereg daarop dat 'n gemeenskapskollege nooit 'n "status quo" kollege moet wees nie. Dit moet 'n doelstelling wees om voortdurend vir verandering voorsiening te maak, om die steeds veranderende behoefte van die individu en gemeenskap te akkomodeer.

5.5.6 Die moontlike bydra van gemeenskapskolleges tot die Herkonstruksie en Ontwikkelingsprogram (HOP)

In die H.O.P. word die volgende ses punte vir rekonstruksie en ontwikkeling beklemtoon:

- The RDP should be an integrated and sustainable programme
- It should be a people-driven process
- It must provide peace and security
- Nation-building must be a key goal
- it should link reconstruction and development
- and it must contribute to the democratisation of South Africa (RDP 1994:4-7)

Die bydra wat die gemeenskapskollege tot die programme van H.O.P. kan maak, is dus ekonomies van aard.

Volgens die H.O.P. (1994:18) lê die sleutel tot ekonomiese veranderinge by die skepping van genoeg werk vir diè wat wil werk en die voorbereiding van mense vir hierdie werk. Om dit te kan bewerkstellig, moet nuwe tegnologie ontwikkel word om sodoende Suid-Afrika se betrokkenheid tot die wêreld ekonomie uit te brei. Hierdie is seker die enigste manier hoe ons langtermyn groei en oorlewing kan verseker. Werkers moet blootstelling kry wat betref lewenslange onderwys en opleiding.

Die uiteindelijke doel is dus om 'n Suid-Afrikaanse gemeenskaps "adjustment and training strategy" aan te neem. Die opleidingsbeleid mòet dus die behoeftes omvat van die hele werkmag. Dit sou die volgende insluit:

- i) benadeelde werkers
- ii) nuwe werkers
- iii) werkers wie lewenslange vaardigheidsontwikkeling benodig

iv) en verplaasde werkers.

As bogenoemde dus in ag geneem word, sal gemeenskapskolleges 'n besondere funksionele posisie kan beklee binne die H.O.P. Gemeenskapskolleges sal 'n belangrike bydrae lewer tot die verbetering van die lot van ons gemarginaliseerde bevolking. Dit sal beslis die moontlikheid skep vir die toetrede tot die arbeidsmark.

5.5.7 Die kurrikulum en die gemeenskapskollege

Gemeenskapskolleges sal 'n alomvattende verskeidenheid van kursusse aanbied wat pas by die gemeenskap waarbinne dit funksioneer, wat verder voorsiening maak vir die spesifieke ekonomiese, tegnologiese en ontwikkelingsbehoefte van 'n sekere area. Gemeenskapskolleges moet, wat betref die eise wat aan hulle gestel word, veeldoelige kurrikula aanbied wat strek van kursusse oor geletterdheid tot by universiteitsvlak en algemene kursusse (Singh; 1995:49).

Dit is ook belangrik dat die kurrikula wat ontwikkel gaan word deur gemeenskapskolleges, die onderwysagterstande wat veroorsaak is deur diskriminerende apartheid strukture in aanmerking gaan neem. Die nuut-ontwikkelde kurrikula sal egter metodologiese gebruik wat studente makliker sal laat aanpas by die post-skoolstelsel.

Die Minister van Onderwys, Prof. S. Bengu het in 'n toespraak oor Gemeenskapskolleges in Julie 1995 die volgende gesê "*The essence of community college education should combine the principles of a learner-centered approach, life-long learning, flexibility in*

course-provision, the removal of barriers to access, the recognition of prior learning and experience, the provision of learner support, the construction of learning programs in the expectation that learners will be successful and the maintenance of rigorous quality assurance over the design of learning materials and support systems.

Die gemeenskapskollege moet dus binne die “National Qualifications Framework (NQF)” werk, wat meganismes sal voorsien in kwaliteit gemeenskapsopvoeding. Hierdie meganismes sluit ook maniere in waarop leerders in gemeenskapskolleges erkende krediete en kwalifikasies kan opbou om hul studies voort te sit.

Dit is ook van absolute belang dat kursus ontwikkeling by gemeenskapskolleges altyd in oorleg met die gemeenskap waarin die kollege geleë is, gedoen word (Singh:1995:61).

5.6 Die moontlikheid van ‘n Gemeenskapskollege in Elsievier:

Elsiesrivier het ‘n besliste behoefte aan ‘n gemeenskaps leersentrum vir volwasse opvoeding, veral gesien in die lig dat die meeste volwasse inwoners halfgeletterd of ongeletterd is. Die groot tekort aan behuising, so wel werkloosheid, drank en dwelmmisbruik, smokkelhandel, bendebedrywighede, verkragtings, inbrake en enkelouers is aanduidings van hoe ernstig die behoefte is van die gemeenskap.

Diegene van die gemeenskap met wie daar gesprekke gevoer is oor die moontlikheid van ‘n gemeenskapskollege in Elsievier toon ‘n besliste belangstelling in so ‘n sentrum.

Wat van absolute belang van so 'n Gemeenskapskollege is, is dat daar beslis voorsiening gemaak moet word vir onderwys ooreenkomstig mense se bekwaamhede, aanlegte, belangstelling en behoeftes van leerders sowel as die gemeenskap in die geheel. Dit sal verseker dat aan elke lid van die gemeenskap 'n geleentheid gebied word om sy vermoëns tot die maksimum te ontwikkel. As gevolg van die groot verskeidenheid probleme in die gebied, moet dit ook soepel wees ten opsigte van toelating en moet dit beslis 'n oopdeurbeleid handhaaf. Soos aangetoon het die navorsing bevind dat lae vlakke van geskooldeheid en geletterdheid algemeen voorkom. Hierdie agterstande moenie in die weg van voornemende leerders staan en hulle verhinder om iets te word nie. Dit beteken ook dat die opvoeders by so 'n kollege buigsaam moet wees, veral wat hul opvoedingstyl betref om sodoende by die besondere leerbehoeftes, probleme, strewes en eienskappe van leerders aan te pas. Kellerman (1995:286) noem in hierdie verband dat dit dikwels die opvoeder se gedrag, asook die instelling se klimaat is, wat 'n deurslaggewende faktor vir sukses is.

In die VSA staan hierdie instellings ook bekend as "*the peoples college*" wat gemeenskapsinspraak impliseer. Dit beteken beslis nie oorheersing nie. Dit kom daarop neer dat die gemeenskap inspraak moet hê deur verteenwoordigers in en oor onderwysgeleenthede asook bestuursangeleenthede. As gevolg van die tipe mens in hierdie gebied, sal dit 'n besliste bydra lewer tot 'n positiewe houding van die gemeenskap ten opsigte van so 'n instelling asook die vooruitgang daarvan. Een van die hoofbesware teen die vroeëre Departement van Onderwys en Opleiding, is die feit dat die gebruikersgemeenskap geen seggenskap of inspraak in die onderwys of tipe onderwys gehad het nie. Gemeenskapsinspraak beteken ook aktiewe gemeenskapsbetrokkenheid in die vorm van identifisering van behoeftes, besluitneming, bevoegdheide, beplanning en bestuur, sowel as probleemoplossings. Die mense sal harder werk aan planne waaraan hulle 'n aandeel gehad het. So word gemeenskapsbetrokkenheid verseker.

Elsiesrivier beskik ook oor 'n groot aantal werkgewerorganisasies, werknemerorganisasies, inrigtings vir formele onderwys en opleiding, asook gemeenskapsorganisasies wat die moontlikheid van so 'n gemeenskapskollege verder versterk. Dit geld ook vir die plaaslike gemeenskapsleiers, die ekonomiese gemeenskap, kerkleiers, spesifieke kultuur- organisasies ensovoorts.

Indien hierdie instelling Elsiesrivier se behoeftes aanspreek, sal dit beteken dat dit die aanvaarding van die gemeenskap sal kry, met ander woorde, die instelling word dus as **legitiem** en **relevant** aanvaar. Die tekort aan **legitimiteit** was een van ons grootste fundamentele probleme met die vorige onderwysstelsel. Legitimiteit kan slegs verkry word as onderwysinrigtings die produk lewer wat deur die beroepswêreld verlang word. Die gemeenskapskollege moet dus 'n kollege wees vir die gemeenskap deur die gemeenskap.

Kellerman (1995:326) wys onder andere na die profiel van die tipiese teikenmark vir 'n gemeenskapskolleges. Dit is sterk ooreenstemmend met die profiel van die gemeenskap van Elsiesrivier:

- 'n gebrek aan motivering en lae akademiese afronding;
- 'n lae intellektuele selfbeeld;
- onvertroudheid oor wat dit beteken om student te wees;
- finansiële hindernisse;
- gebrek aan familiebetrokkenheid;
- onwilligheid om hulle gemeenskap of families te verlaat;
- geneigdheid en gelatenheid om met korttermyn doelwitte tevrede te wees;
- onkundigheid oor stappe wat benodig word om hul doelstellings te verwesenlik

- verwardheid oor geleenthede en voordele wat hoër onderwys inhoud en hulle is naïef ten opsigte van hul vooruitsigte;
- konflikterende verwagtings en korttermyn beroepsingesteldheid;
- swak tydsbenutting;
- hoë frekwensie van werklose ouers.

Om 'n funksionele rol in Elsiesrivier te speel, moet die gemeenskapskolleges die volgende doelstellings nastreef, gesien in die lig van die behoeftes van hierdie gemeenskap:

- Die voorsiening van “lae vlak” kursusse wat vir oorplasings en opwaartse mobiliteit in aanmerking geneem kan word.
- Om opleiding en ontwikkelingsprogramme daar te stel wat genoegsame geleenthede vir studente bied om suksesvol te kan wees.
- Bied beroepsgerigte kursusse en programme aan wat uitloop op onmiddellike indiensneming.
- Bied voortgesette onderwysprogramme en gemeenskapsdiensprogramme aan wat kan bydra tot ekonomiese ontwikkeling van die individu sowel as Elsiesrivier.

Die gemeenskapskollege moet ook voortdurend vir verandering voorsiening maak, om sodoende die veranderende behoeftes van die individu en gemeenskap van Elsiesrivier te akkommodeer. Elsiesrivier is trouens 'n gebied waar die gemiddelde persoon vir slegs 15 tot 20 jaar woon. Sodra hy finansiëel beter af is, verhuis hy en word sy plek deur andere gevul.

'n Gemeenskapskollege kan dus die toestande in Elsiesrivier wat tot deprivasie lei, help hervorm.

5.7 Samevatting:

Vir die uitwissing van opvoedingsagterstande en die verligting van die agogiese nood, wat by 'n groot deel van ons gemeenskappe aanwesig is, is Gemeenskapkolleges beslis 'n effektiewe onderwysstrategie. Dit is duidelik waargeneem by die bespreking aan Gemeenskapkolleges. Dit is volkome ingestel op die opvoedkundige behoeftes van die lede van die gemeenskap, sonder intreepunte en met verskillende uittreepunte. Dit is dus van absolute belang, dat hierdie inrigting eers 'n geloofwaardige status moet verwerf binne die gemeenskap wat dit moet bedien. Dit beteken ook dat dit die erkening en ondersteuning van die gemeenskap, handel en nywerheid moet geniet.

6. BRONNELYS

6.1 Literatuur

Adelman, C. 1992. *The way we are. The community college as American thermometer.*
Washington DC: US Dept of Education.

American Association of Community Colleges. 1993. *Community Colleges. A national profile.*
Washington DC: US Dept of Education.

Badenhorst, DC. 1989. *Enkele gedagtes oor die relevansie van die onderwys in die RSA.*
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, Volume 9 (3). 413-614.

Barnes, G.A. 1984. *The American university: a world guide.* Philadelphia: ISI Press.

Berkhout, S.J en Bondesio, M.J. 1992. *Onderwysstelselkunde Perspektiewe.* Van Schaik
Edms Bpk: Pretoria.

Brint, S and Karabel, J. 1989. *The diverted dream: Community Colleges and the promises of
educational opportunity in American (1900 - 1985).* New York: Oxford University Press.

Cohen. A.M and Brawer, F.B. 1987. *The collegiate function of community colleges.* San
Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Castelyn, HC. 1985. *Didaktiese Pedagogiek.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

De Jager, J. 1972. *Lesaantekeninge vir H.O.D. studente.* UWK, Bellville.

Die Burger, 27 Februarie 1997:4.

Die Burger, 21 April 1997:12.

Die Bybel, 1985. Elfde Druk. Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Die Metro Burger, 9 Februarie 1997:2.

- Die Unie*, 1987. Die Opvoedingstaak van die Onderwyser-enkele perspektiewe. September:57-64.
- Die Weekly Mail*, 25 April 1996:6.
- Die Weekly Mail*, 13 Maart 1997:11.
- Dostal, E and Vergnani, T. 1984. *Future possibilities in South African Education*. Occasional paper No. 4 October 1984. Business Studies Environment. Institute for Future Research: Stellenbosch.
- Drennan, D 1992. *Transformation company culture*. London: McGraw-Hill.
- Duminy, P.A. en Söhnge, W.F.. 1981. *Didaktiek: teorie en praktyk*. Kaapstad: Longman Penquin Suider-Afrika (Edms.) Beperk.
- Du Plessis, W.S. 1994. *Voortdurende Onderwys*. Klasnotas, B.Ed-klas, Universiteit van Stellenbosch: Stellenbosch.
- Du Plessis, W.S. 1996. *Gemeenskapskolleges*. Klasnotas. Universiteit van Stellenbosch: Stellenbosch.
- Du Plessis, W.S. 1996. *Opvoeding tot voller volwassenheid*. Durbanville Wachwa Uitgewers Beperk.
- Engelbrecht, CS. 1991. *Benaderings, metodes, strategiee en tegnieke in opvoedkundige navorsing: 'n poging tot ordening*. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, Volume 11, No. 1, Februarie: 10 - 17.
- Flanders, S.C. 1995. *'n Eksemplariese studie van die eietydse nood*. M.Ed-studies. Stellenbosch Universiteit.
- Gleazer, E.J. 1980. *The community college: Values, vision and vitality*. Washington DC: Amerocam Association of Community and Junior Colleges.

- Gordon, A. 1986. *Environmental constraints and their effect on the academic achievement of urban black children in South Africa*. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, Februarie 6(1): 70-74.
- Gunter, C.F.G. 1961. *Opvoedingsfilosofieë*. Stellenbosch Universiteit Uitgewers en Boekhandelaars.
- Gunter, C.F.G. 1965. *Aspekte van die teoretiese opvoedkunde*. Stellenbosch Universiteit Uitgewers en Boekhandelaars.
- Haasbroek, G.D. 1982. *Die agogiese eise van studente -begeleiding met besondere verwysing na die student in die afstandsonderrig-situasie*. Ongepubliseerde D.Ed-proefskrif Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Harlacker, E.L. 1989. *Beyond the formal curriculum*. In Ratcliff (ed) 150-174.
- Jarvis, P. 1990. *An International Dictionary of Adult and Continuing Education* Routledge: London.
- Jordaan, H., Mfono, Z en Tshabalala, M. 1991. *Bevolkingsgroei as tydbom. Die oplossing vir Suid-Afrika se bevolkingsprobleem*. Van Schaik Edms Bpk: Pretoria.
- Kellerman, C.F.J. 1995. *'n Fundamenteel-opvoedkundige studie van die gemeenskapskollegekonsep in Suid-Afrika*. D.Ed Proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.
- Kruger, H.B en Van Rooyen, E.A. 1989. *Vermindering van angs y die leerling in die Kinderwetskool (Nywerheidskool)*. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, Volume 9, No. 1, Februarie 108-111.
- Kruger, M.M. en Whittle, E.P. 1982. *Fundamentele perspektiewe in die opvoedkunde*. Kaapstad: Juta & Kie Beperk.
- Landman, W.A. 1989. Die begrip "opvoeding", 'n herbesinning. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*. Volume 9, No. 3: 508 - 519.

- Landman, W.A. 1989. Die begrip "opvoeding", 'n herbesinning. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*. Volume 9, No. 3: 508 - 519.
- Laubscher, P.J. (1993). *Fundamenteel Andragogiese begeleiding in 'n Kooperatiewe Onderwysprogram*. D.Ed-proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.
- Lederer, K. 1980. *Human Needs*. Oelgeschlager, Gunn & Hain Publishers, Inc. Cambridge.
- Linquist, E.F. 1986. *Educational Measurement*. ACE, Johannesburg.
- Louw, D.A. 1993, *Sielkunde, 'n inleidende studie in Suid-Afrika*. Lexikon Uitgewers: Johannesburg.
- Louw, GJJ. 1991. *Toekomspessimisme en kwynende (kind) bevolkings met spesiale verwysing na die Europese situasie*. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, Volume 11, No. 11, Februarie, 22 - 26.
- Maslow, A. 1972. *Motivation and Personality* (Revised Edition). Harper & Row: New York.
- Mohamed, N and Daniels, D. 1993. *The NEPI Perspective on Community Colleges: A critical discussion*. UWC. Education Policy Unit.
- National Education Policy Investigation (NEPI). 1992. *Post-Secondary Education*. Cape Town: Oxford University Press.
- National Education Policy Investigation (NEPI). 1993. *The Framework Report*. Cape Town: Oxford University Press.
- Oberholzer, C.K. 1954. *Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde*. J.J. Morean en Kie: Pretoria.
- Oberholzer, C.K. 1977. *Grondbeginsels van die onderrig op Tersiêre vlak*. Unisa: Pretoria.
- Oberholzer, C.K. en Greyling, D.J. 1981. *Grondbeginsels van die onderrig op tersiêre vlak*. Studiegids Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Herdruk).

- Page, G.T. and Thomas, J.B. 1977. *International Dictionary of Education*. Nicolas Publishing Company: New York.
- Pedersen, R. 1988. *Small Business and the early Public Junior College*. Community Technical and Junior College Journal. August/September.
- Pienaar, L.R. 1971. *'n Geletterheidkursus vir volwassenes*. Ravan Press: Johannesburg.
- Pluckrose, H. 1987. *School a place for children?* Franklin Watts: London.
- Pretorius, J.W.M. 1987. *Kompensatoriese onderwys vir die milieu-gestremde in die R.S.A.* in Pedagogiek Joernaal. Universiteit van Pretoria, Volume 8, No. 3: 96-115.
- Rossouw, H.W. 1980. *Wetenskap, interpretasie en wysheid*. Port Elizabeth Universiteit van Port Elizabeth.
- SACHED. 1992. *Back to learning*. The National Education Conference 1992, Johannesburg: Ravan Press.
- Shippey, T.C. 1970. *An analysis of some aspects of American Junior Colleges*. M.Ed-Thesis. University of Natal.
- Smith J.A.J. en Greyling, E.S.G. 1990. *Riglyne vir 'n kommunikasie-stelsel en program vir skoolbestuur*. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde. Volume 10, No. 3: 235-238.
- Strydom, A.H.; Bitzer, E.M. and Lategan, I. 1994. *The college subsector as part of Post or Non-compulsory Education in South Africa*. University of the Oranje Free State: Bureau for Academic Support.
- Stuart, W. et. al. 1992. *South Africa: Tertiary Education Sector Assessment*. Washington: Academy for National Education USAID.
- The Teacher*, 9 April 1997.

- Van Loggerenberg, N. 1987. *Onderwyservorming struikelblokke en uitdagings*. Die Unie, Augustus, Jaargang 84, No. 2: 36-39.
- Van Rensburg, C.J.J. en Landman, W.A. 1988. *Fundamentele Pedagogiese Begripsverklarings*. Goodwood, Kaapstad: N.G Kerkboekhandel.
- Vaughan, G.B. 1989. *From the Community College in America: A short history*. In Ratcliff (ed.) 15-29.
- Venter, I.S.J. 1992. *Historiese opvoedkundige opstelle - 'n keur*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Warren, J. 1989. *The changing characteristics of Community College students*. In Ratcliff (ed.) 215 - 233.
- Wyngaard, A.T. 1993. *'n Fundamenteel - Agogiese Fundering van Afstandsonderrig as 'n strategie vir die uitwissing van opvoedingsagterstande*. M.Ed-tesis. Universiteit van Stellenbosch.

6.2 Onderhoude en Toesprake

- Arendse, Q. Sosiale werker: Nikro, Manenberg. 24 Junie 1997.
- Damon, V. Kaapse Metropolitaanse Raad, Elsiesrivier. 10 Maart 1997.
- De Villiers, J. Sielkundige Dienste van SAPD, Elsiesrivier. 19 April 1997.
- Du Plessis, W.S Deurlopende gespreksvoering te Stellenbosch.
- Fakier, L.D. Siddique Junior Madressa, Elsiesrivier. 16 Maart 1997.
- Feindale, C. Voorsitter: Wes-Kaapse Anti-misdaad Forum, Elsiesrivier. 8 Junie 1997.
- Modella, E. Voorsitter: Kindereenheid, Elsiesrivier. 29 Junie 1997.
- "Majoor" Bendeleier van 'n bendegroep, Elsiesrivier. 11 Mei 1997.
- Mfobo, N. Trauma-sentrum vir slagoffers van geweld, Elsiesrivier. 26 Junie 1997.
- Mongo, C. Instituut vir Kinder- en Familie Ontwikkeling. Universiteit van Wes-Kaapland. 4 April 1997.
- Schmidt, J. Sosiale werkster, Nikro, Elsiesrivier. 13 Junie 1997.
- Thomas, D. Inwoner, Elsiesrivier 12 Maart 1997.
- Van Daalen, D.J. Gang Unit: SAPD, Elsiesrivier. 22 Mei 1997.
- Willis, C. Elsiesrivier, Gemeenskapsgesondheidsdienssentrum, 14 Junie 1997.